Kompas

Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Jaargang 11 / no.10
Oktober 2002

DIE WêRELDBERAAD EN DIE KERK

Die stof het gaan lê en Sandton behoort weer aan Suid-Afrika. Meer as 40 000 deelnemers, van staatshoofde tot skoonmakers, het weer huistoe gegaan nadat vir dae oor sosiale, ekonomiese en omgewingsontwikkeling gedebatteer en gestry is. Honderde miljoene Rand is aan die grootste internasionale beraad in die geskiedenis gespandeer en dit lyk asof 'n groot deel hiervan uit ons belastingsakke moet kom. Menings oor die sukses van die Johannesburg Beraad oor Volhoubare Ontwikkeling is verdeeld. Die regerings van ontwikkelde lande soos die VSA, Europese Unie en Japan meen dat hulle 'n gesonde balans tussen hulle eie belange en die van ontwikkelende lande kon handhaaf. Baie nie-regeringsorganisasies beskou dit as die Beraad van Verraad omdat baie gepraat, maar min maatreëls geneem is om te verseker dat armoede en onderdrukking van ontwikkelende lande daadwerklik verlig word.

Min mense is goed oor die Beraad ingelig en die sinvolheid daarvan word bevraagteken. Hoekom was dit nodig om so'n massa mense bymekaar te bring? Gaan die Beraad regtig 'n verskil maak? Is dit moontlik om die komplekse probleme van die wêreld op te los en volhoubare ontwikkeling te bereik as daar so'n omstredenheid oor elke saak bestaan? As die leiers dit nie in 1972 of 1992 bereik het nie, wat kan ons dan vandag verwag?

Dit is daarom nie vreemd dat baie mense die beriggewing oor die Beraad geïgnoreer het nie. So'n houding vind ons ook dikwels in die Kerk. Die vraag is egter of so'n houding blyk gee van 'n bewuste aanvaarding dat juis ons as beelddraers van God en sy rentmeesters 'n taak ten opsigte van volhoubare ontwikkeling het? God se kinders moet wel deeglik kennis neem van wat die owerhede, wat God oor ons gestel het, doen om die aarde en sy bevolking volhoubaar te ontwikkel. Sodat ons as profete kan oproep om God as Skepper, Eienaar en Onderhouer van die skepping te eer en sy goeie gebooie as die basis van ontwikkelingstrategieë te aanvaar. Om as priesters ons tot sy diens, ook in die praktiese ontwikkeling en bewaring van die aarde, toe te wy. En as stryders die ryk van die duisternis, wat die ondergang van hierdie planeet soek, te beveg. Sodat ons ook eendag saam met Christus as konings oor hierdie wêreld kan regeer. Vir ewig volhoubaar.

G Hagg

In Hierdie Uitgawe

Tema: Volhoubare ontwikkeling

- **Volhoubare ekonomiese ontwikkeling 3**
- **Volhoubare sosiale ontwikkeling 5**
- **Skakerings van groen . 7**
- **Uitlaatgasse en droogtes 9**

- 1ste klassisvergadering 2
- Redaksioneel 2
- Hospitaalparkkonferensie 11
- Persskou 14
- Onderhoud met Ds Kapteyn 15
- Moeites van die ouderdom 16
- Instelling van ampte in 'n sendinggemeente 18

EERSTE KLASSISVERGADERING GEHOU

KERKNUUS

In opvolging van besluite wat onlangs deur die Sinode van Johannesburg geneem is, is die afgelope maand die eerste klassis-vergadering van die Vrye Gereformeerde Kerke gehou.

Die klassis A, wat uit die gemeentes van Kaapstad, Springs en Pretoria bestaan, het op 7 September byeengekom in Pretoria. Die vergadering is bygewoon deur ses afgevaardigdes ('n predikant en 'n ouderling van elke gemeente), twee adviseurs (die sendelinge van Kaapstad) en 'n waarnemer van die sendinggemeente te Belhar.

Behalwe die vasstelling van die klassisreëlings, was daar drie sake op die agenda, te wete (1) die versoek van die kerk te Springs insake die vervroegde emeritaat van ds. PJ Retief, (2) advies t.o.v. die beroeping van 'n nuwe predikant te Springs, en (3) die versoek van Kaapstad om ondersoek te doen na die ontwikkeling en koördinering van die kategesemateriaal.

Ten opsigte van die eerste saak het die klassis ingestem dat ds. Retief teen einde Desember 2002 met vervroegde emeritaat gaan vanweë sy gesondheid. Daar is ook afsprake gemaak oor die finansiële reëlings vir sy emeritaat.

Die klassis het ook gepraat oor die beroeping van 'n volgende predikant vir Springs. Dit is duidelik dat finansiële hulp uit die kerkverband nodig sal wees. Die gemeente van Springs is gevra om 'n begroting op te trek sodat daar verder gehandel kan word in die saak.

Die kerk te Kaapstad het versoek dat daar gewerk moet word na groter eenheid in die gebruik van kategesemateriaal. 'n Kommissie is benoem om voorraad op te neem van die kategesemateriaal wat gebruik word, behoeftebepaling te doen na die wenslikheid van groter afstemming op mekaar en die moontlike ontwikkeling van eie kategese-handleidings.

Die kerk te Kaapstad is aangewys as roepende kerk vir die volgende vergadering wat in Februarie aanstaande jaar gehou moet word. Die assessor se Kort Verslag meld dat "die vergadering in 'n baie hartlike stemming kon plaasvind en beëindig is met 'n dankgebed vir soveel ryke seëninge wat die Here vir ons gee in die lewe met mekaar as kerke van Christus." ¤

(berig deur AJdV; bron: Kort Verslag van die klassisvergadering)

Eienaar en uitgewer:
Stigting Woord en Wandel

Drukker: Printburo
Tel. (012) 335-9134

Kernredaksie: dr AJ de Visser
(eindredakteur)
ds C Kleijn
J Moes
A Roos
Mev. M de Vries

Redaksie: Mev. M de Vries
Cunninghamlaan 1299
Waverley 0186
Tel. (012) 332-3168

E-pos: Kompas@Cybertrade.co.za

Nederland: Mev. H van de Weide
Haakbergseweg 47
7161 BG Neede
Sel. 653 591 960

Administrasie: Mev. H Groenwold
Posbus 23931
Gezina 0031
Tel. (012) 335-2761

Intekengelde:
E-pos: R40 per jaar
Suid-Afrika: R80 per jaar
Nederland: Seepos •20
Lugpos • 30

VAN DIE REDAKSIE

Daar is drie mededelings van die redaksie:
In die eerste plek is ons verheug om te kan meedeel dat br Arie Roos van Bellville tot die kernredaksie toegetree het. Br Roos is reeds jare lank 'n medewerker van Kompas en ons is bly dat hy nou, met sy aftrede, bereid is om meer intensief by Kompas betrokke te raak. Met br Roos se toetrede is die kernredaksie nou weer voltallig. Ons hoop om die lesers verder te dien met 'n breë spektrum van onderwerpe.

In die tweede plek wil ons graag 'n woord van hartlike dank uitspreek aan die adres van die gesin Lubbinge in Pretoria. Hulle het vanaf die begin van Kompas (11 jaar gelede) die vou- en bindwerk van omtrent alle uitgawes gedoen. As ons rekensommetjies reg is, het hulle oor die jare heen sowat 50 000 kopieë gevou, gekram en versprei. Nog 'n rekensommetjie: Deur hulle insette het hulle elke maand 'n koste-besparing van 'n paar honderd Rand verseker. Die geld wat ons oor die jare heen daarmee gespaar het, is waarskynlik naby die R25 000. Mee danksy die Lubbinge's se insette kon ons die inskryfgeld vir Kompas altyd baie laag hou. Ons het begrip daarvoor dat hulle nou die tuig neerlê. Ons wil hulle namens die redaksie en die lesers van Kompas baie dankie sê vir hulle ondersteuning oor die jare heen.

In die derde plek is daar nog iemand wat ons wil bedank vir jarelange insette, en dit is Tjallie Huisman wat Kompas se verteenwoordiger in Nederland was. Ons is dankbaar dat sy al die jare die administrasie van die Nederlandse inskrywings behartig het. Ons is bly dat haar werk oorgeneem word deur 'n ou bekende, nl. Henriëtta van de Weide. ¤

AJdV

VOLHOUBARE EKONOMIESE ONTWIKKELING

A. Roos

TEMA: VOLHOUBARE ONTWIKKELING

Die wêreldkonferensie oor volhoubare ekonomiese ontwikkeling in Sandton het gekom en gegaan. Sekerlik, 'n spogvertoning wat gewys het dat ons land 'n makro konferensie met der duisende deelnemers suksesvol kan hanteer. Staatshoofde, politici en sakelui met beduidende ekonomiese mag het koppe by mekaar gesteek om, weereens, dringende ekonomiese probleme aan te spreek. Minderheidsgroepe het hulle saak buite die konferensiesale gestel en alles het vreedsaam verloop, 'n feit waarvoor die organiseerders 'n pluimpie verdien. Besluite is geneem en daar moet nou afgewag word hoe en of die besluite toegepas sal word.

EKONOMIESE ONTWIKKELINGSPROBLEME

In algemene terme behels die ekonomiese wetenskap die bestuur van 'n huishouding. Na gelang van die studieveld word gefokus op kleinste moontlike entiteit, die private huishouding, tot die grootste moontlike entiteit, die wêreldekonomie. Die sentrale probleem wat bestudeer word is die spanning tussen menslike behoeftes en die middele waarmee die behoeftes bevredig kan word. Die eerste is, so word beweer, oneindig terwyl die laaste beperk is.

In die ontwikkelingsekonomie word boonop nog gekyk na die beskikbaarheid of toeganklikheid van die relatief skaars middele, of bronne. Uitstaande probleme in die verband is (1) ongelyke toegang tot materiële hulpbronne, (2) uitputting van nie hernubare grondstowwe en (3) die vervuiling van die omgewing. Al drie elemente plaas 'n beperking op volhoubare ekonomiese ontwikkeling.

TOEGANKLIKHEID

Hoewel elders in hierdie uitgawe van Kompas die probleem aandag kry is 'n aantal gegewens nie onvanpas nie. Uit 'n wêreldbevolking van ongeveer ses miljard besit 80%, of ongeveer vyf miljard mense, slegs 54% van die beskikbare grond. Dit beteken dus dat die oorblywende 20% van die wêreldbevolking 46% van die beskikbare grond besit.

Dit gaan saam met 'n aandeel van slegs 16% in inkomste genererende wêreldproduksie en gee daarmee 'n aanduiding hoe skeef die inkomsteverdeling is. 'n Sprekende voorbeeld is om die per capita inkomste van 'n arm land soos Ethiopië van ongeveer R1 200 per jaar te vergelyk met die van 'n ryk land soos bv. Switserland met 'n per capita inkomste van plusminus R275 000, ongeveer 230 keer so veel!

Ongelyke toeganklikheid tot hulpbronne lei nie net tot ongelykheid in inkomste nie, maar ook tot ongelykheid in lewenskwaliteit. Dit blyk uit syfers m.b.t. kindersterfte, lewensverwagting, bevolkingsaantal per beskikbare mediese dokter, ens. Weer 'n paar gegewens: 'n Ethiopiese kind het 'n kans van een uit ses om nie ouer as een jaar oud te word nie, kindersterfte is ongeveer 135 uit 1000 geboortes. Vergelyk dit met kindersterfte in 'n ryk land van ongeveer sewe uit 1000 geboortes. Gemiddelde lewensverwagting in die derde wêreld is omstreeks 50 jare teenoor die van die ontwikkelde wêreld van ongeveer 70 jare. Een mediese dokter moet in die ontwikkelende wêreld gemiddeld 50 000 mense bedien teenoor 2 500 in die eerste wêreld. Bostaande gee 'n idee van die enorme agterstand tussen die ontwikkelde en ontwikkelende lande.

GRONDSTOWWE

Groot gedeeltes van ontwikkelende lande is ryk aan basiese materiale soos koper, sink, ystererts ens. Ongelukkig is die prysgevoeligheid van hierdie kommoditeite laag. Wat hiermee bedoel word is dat 'n prysverlaging van basiese grondstowwe nie noodwendig tot verhoogde verkope en produksie lei nie, die teenoorgestelde geld natuurlik ook. Boonop is produksie baie gevoelig vir die ekonomieë van industriële lande. Met 'n vertraging van ses maande tot een jaar sal 'n verslegting van industriële ekonomieë in grondstofproduserende lande gevoel word.

Foto: Guy Stubbs

Intussen word groot hoeveelhede kommoditeite na die industriële lande uitgevoer sonder dat die ontwikkelende lande veel baat daarby vind omdat eienaarskap deur middel van aandeelhouding dikwels aan beleggers in die eerste, of ontwikkelde, wêreld toekom.

Landbou produksie is 'n belangrike bron van inkomste vir ontwikkelende lande (rond 40% van Bruto Binnelandse Produk) maar kan moeilik kompeteer met die swaar gesubsidieerde landbou van die ontwikkelde wêreld, 'n probleem wat op die onlangse wêreldberaad baie aandag gekry

het. Daar sal nog gesien moet word of ryk lande hulle grense sal oopmaak vir landbouprodukte uit arm lande. "Charity begins at home" en verlaging of afskaffing van subsidies gaan ten koste van die landbou-bedryf in geïndustrialiseerde lande.

Die kwessie van uitputting van nie hernubare kommoditeite moet versigtig hanteer word. Dikwels word hierdie argument gebruik om te beklemtoon dat sekere grondstowwe nie in onbeperkte mate aanwesig is nie. Dit is seker waar, maar daar moet in gedagte gehou word dat dit moeilik is om die hoeveelheid beskikbare kommoditeite te bepaal. Steeds weer word nuwe voorrade ontdek terwyl ontginnings- en produksietegnieke steeds verbeter sodat byvoorbeeld moeiliker bereikbare erts neerslae ook suksesvol ontgin kan word.

Verder moet ook onthou word dat kunsstowwe toenemend die plek van natuurlike materiaal inneem. Kan ons vandag aan 'n wêreld sonder plastiek dink? 'n Uitsondering moet gemaak word vir hernubare bronne. Hier moet gedink word aan die verbruik van bronne wat vinniger toeneem as die vernuwing. 'n Tipiese voorbeeld is die tropiese reënwoude wat amper sonder besinning afgekap word terwille van houtproduksie, dikwels ten gunste van vermoënde ontwikkelde lande. 'n Aantal jare gelede was daar groot bohaai oor die produksie van laaiborde (pallets) wat van kiaathout gemaak is. Dis 'n ingewikkelde probleem waarvoor nie 'n eenvoudige antwoord gevind kan word nie. Per slot van sake is die aanwesigheid van inheemse woude en hout 'n bron van inkomste vir die plaaslike bevolking. Om, byvoorbeeld, 'n verbod te plaas op die produksie van laaiborde uit inheemse hout beteken in feite dat die moontlikheid van 'n inkomste aan baie mense ontsê word. Ongelukkig neem die aanwas van inheemse woude stadiger toe as die vernietiging daarvan. Dieselfde argument geld t.o.v. visbronne. Ook hier is die gevaar reëel dat die eksploitasie daarvan vinniger plaas vind as die natuurlike aanwas.

OMGEWINGSVERVUILING

Dis nie net 'n probleem van die ontwikkelende lande nie, maar kom juis en veral in geïndustrialiseerde lande voor. Toenemende industrialisasie veroorsaak newe-effekte wat skadelik is vir die omgewing. Ons kan maar net dink aan die osoonlaag en suurreën. Nader aan huis is onooglike mynhope en vervuiling in en om ons stedelike gebiede getuies van toenemende nywerheidsontwikkeling en konsumpsie. Ekonomiese bronne sal aangewend moet word om hierdie toenemende besoedeling hok te slaan. Dit sal ongetwyfeld offers vra wat vroeër of later almal se beursies sal raak.

VOLHOUBARE EKONOMIESE ONTWIKKELING

Ons sal slegs daarin slaag indien bogenoemde probleme met mening aangepak word deur aan vier basiese eise te voldoen.

Eerstens moet menslike hulpbronne tot hul volle potensiaal ontwikkel word. Investering in mense moet die hoogste prioriteit geniet. Gesondheid, voeding en opleiding is van uiterste belang.

Tweedens sal grond op 'n regverdige manier (her)verdeel moet word. Landbou bly vir ontwikkelende lande 'n belangrike sektor waar die pad van ekonomiese ontwikkeling begin. 'n Land moet sy bevolking kan voed. Natuurlike hulpbronne is nie noodwendig 'n voorvereiste vir ekonomiese ontwikkeling nie. Van die rykste lande ter wêreld is arm aan natuurlike hulpbronne. Voorbeelde is Nederland en Switserland waar bodemrykdom bra skaars is.

Derdens is kapitaalvorming van uiterste belang. Hierdie is 'n netelige kwessie. Kapitaalvorming vind plaas deur besparing, besparing is slegs moontlik indien daar voldoende inkomste is. 'n Voorvereiste vir genoegsame inkomste is egter kapitaalvorming waarmee moderne produksiemetodes gefinansier kan word. Waar inkomste te min is om te kan spaar moet van die buiteland geleen word wat weer 'n las op die gemeenskap lê. Kapitaal is in die verlede op groot skaal aan ontwikkelingslande geleen. Onoordeelkundige aanwending het nie die vereiste opbrengste gelewer om sowel rente as aflossing te betaal nie. Die skuldlas van die derde wêreld is enorm, so veel so dat in die meeste gevalle nie eens die rente op lenings betaal kan word nie. Dit is dan ook die rede waarom aangedring word op afskrywing van die derde wêreld se skuldlas.

In die laaste plek sal moderne tegnologie ook in ontwikkelingslande moet toegepas word. In 'n era van toenemende globalisering sal derde wêreld lande moet kan meeding op wêreldmarkte. Ook hierdie is 'n turksvy aangesien arm lande vasklou aan tradisionele gewoontes en waardestelsels waardeur 'n ernstige belemmering ontstaan om moderne tegnologie toe te pas. Iets daarvan kon waargeneem word tydens die beraad in Sandton waar 'n *ubuntu* winkel tradisionele ware uitgestal het. Kuriositeit of lewensvatbare realiteit? Afrika tradisie en moderne tegnologie is nie altyd versoenbaar nie.

RASIONALITEIT?

'n Handboek oor ontwikkelingsekonomie begin met 'n aanhaling uit Matt. 25:29. Daarmee word die hele ontwikkelingsproblematiek geplaas in 'n raamwerk van "om te hê of nie te hê nie". Behalwe dat die aanhaling ironies is, is dit ook misplaas. Dit gaan nie daarom om van die wat nie het nie te neem en aan die wat het te gee nie. Volhoubare ontwikkeling, ekonomies of andersins, gaan om die nakom van die gebod van die Here om die aarde "te vul". Dit gaan in eerste instansie nie om die mens se welvaart nie maar om die eer van die Here.

In die ekonomie waar die mens met sy behoeftes sentraal staan is hierdie stelling glad nie rasioneel nie. Nogtans is dit die realiteit want, so sê o.m. Ps. 24:1 "Die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon". So lank as beleidmakers dit nie wil erken nie sal hulle hul koppe bly stamp in hulle pogings om "van hierdie wêreld 'n beter wêreld te maak".

Dit sal hulle, en ons, dwing om sorgvuldig met ons omgewing, insluitende armoede en rykdom, om te gaan. ¤

VOLHOUBARE SOSIALE ONTWIKKELING

Gerard Hagg

TEMA: VOLHOUBARE ONTWIKKELING

Die eerste wêreldberaad oor volhoubare ontwikkeling in Stockholm in 1972 het veral aandag vir die bedreiging van die omgewing en natuurlike hulpbronne gevra. Daar was groot kommer oor die gat in die osoonlaag, die broeikaseffek, suurreën, die uitsterwing van spesies en die verdwyning van reënwoude. Daar is egter deur die jare besef dat dit veral die gedrag van die mens en die samelewing is wat die omgewing bedreig. Verandering in menslike gedrag - van individuele tot internasionale vlak - is nodig om duursame gebruik en ontwikkeling van die omgewing te bereik. Maar juis mense maak dit so moeilik, ja onmoontlik, om volhoubare ontwikkeling te bereik.



Foto: Guy Stubbs

Die agenda van die Johannesburg Beraad het die sentrale rol van die mens weerspieël, en veral die vraag gestel hoe mense in staat gestel kan word om tot volhoubare ontwikkeling by te dra. Daar was groot ooreenstemming dat die grootste deel van die aarde se bevolking dit uiters moeilik vind om positief by te dra. Daar is nie net, volgens die leiers, te veel mense op aarde nie, maar ongelykheid in toegang tot hulpbronne, soos finansies, produksiemetodes en -markte en kennis, laat die grootste deel van die mensheid in diepe armoede lewe. Tans staan die wêreldbevolking op 6.1 miljard, met 'n verwagte groei tot 9.3 miljard teen 2050. Die aarde kan so 'n bevolking nouliks dra, word beweer. Dit is ook so, indien die mens die aarde op dieselfde onbeperkte manier bly gebruik as wat die afgelope twee eeue gedoen is.

ARMOEDE BEPERK ONTWIKKELING

Van hierdie groot bevolking leef amper die helfte in diepe armoede, met 1,2 miljard mense teen minder as R10 per dag per persoon. Die meeste van hierdie mense woon in ontwikkelende lande in Afrika, Suid-Amerika, die voormalige Rusland en Asië. Vir ons eie land is die situasie net so krities: 57% van Suid-Afrikaanse kinders onder 17 jaar leef onder die armoedelyn van R200 per maand. Hierdie armoede plaas geweldige beperkings op mense se vermoë om tot volhoubare ontwikkeling by te dra.

Die armoede is veral sigbaar in die gebrek aan toegang tot basiese hulpbronne en lewensmiddele. Tans het meer as 'n miljard mense in die wêreld geen toegang tot skoon water nie, en sterf tot 12 miljoen mense per jaar as gevolg daarvan. Amper 2.5 miljard mense het geen ordentlike toiletgeriewe nie. Daarby is daar meer as 880 miljoen mense wat nie kan lees of skryf nie, en dus nouliks hul lewenssituasie kan verbeter. Selfs koue statistieke wys 'n hartverskeurende prentjie.

Daarteenoor behoort 80% van die aarde se welvaart aan 15% van sy bevolking, hoofsaaklik in ontwikkelde lande, soos die VSA, Europa, Kanada, Japan en Australië. Die ironie is dat juis hierdie welvarende lande die meeste bydra tot omgewingsbesoedeling en uitputting van hulpbronne. Byvoorbeeld, ryk gesinne gebruik tot 20 maal soveel water en elektrisiteit as arm gesinne. Die VSA produseer meer as 80% van alle koolstofgasse waardeur die aarde se oppervlaktetemperatuur besig is om te styg. Hierdie oormatige gebruik van hulpbronne en produksie van afval benadeel die leefmoontlikhede van veral die armstes.

ARMES SOEK ERBARMING

Die ontwikkelende lande en internasionale organisasies wat armoede probeer verlig, het die Beraad dan ook gesien as 'n platform om die welvarende lande te oortuig om meer mededeelsaam met die armes te wees. Dit sou op twee terreine kon gebeur: ekonomies en sosiaal. Ekonomiese hulp sou veral bestaan uit die oopmaak van Westerse markte vir produkte uit ontwikkelende lande en die beëindiging van

subsidies deur Westerse regerings aan hul eie voedselprodusente. Sosiale hulp bestaan veral uit geld vir ontwikkeling, infrastruktuur en uit beskikbaarstelling van kundigheid. Baie buitelandse geld word reeds geskenk vir watervoorsieningsskemas, behuising, skole en opleidingsmoontlikhede. Maar ontwikkelende lande soebat vir meer omdat die nood oneindig lyk.

Ontwikkelde lande het op hierdie Beraad geskerm vir hul eie belange. Oor handelstoegang en subsidies wou hulle geen vaste beloftes en geen teikendatums gee nie. Die VSA het sy gebrek aan werklike steun gewys deur die afwesigheid van sy president. Aan die ander kant het veral Europa en Kanada meer toeskietlik geword in hul beloftes om hul markte vir ontwikkelende lande te open. Meer geld vir ontwikkelingshulp is belowe, tot 0.7% van hul nasionale inkomste, met 'n totaal van R30 miljard vir vervanging van hulpbronne tot 2006. Aan die ander kant soek die ontwikkelde lande meer sekuriteit vir hul beleggings deur meer verantwoordelike, demokratiese regerings in die ontvangerslande. Die landkrisis in Zimbabwe is as voorbeeld van ongewenste beleid aangewys.

HET DIE KERK 'n TAAK TEN OPSIGTE VAN ONTWIKKELING?

Het die Kerk van Christus wel enigsins 'n bydrae te maak in hierdie wêreldberaad waar die grotes van die aarde opstaan en die mag van die geld so duidelik spreek? Sou so 'n klein deel van die bevolking ooit 'n verskil aan sulke groot armoede kan maak? Vir baie Christene lyk dit onmoontlik. Ander wil nie meng met hierdie kring van goddeloses nie. Weer ander verwys graag na hul vreemdelingskap op aarde en beklemtoon die geestelike nood van mense. En die meestes van ons vind dit uiters moeilik om van ons welvaart prys te gee, selfs vir medechristene. As ons eenvoudig die Bybel lees dring die vraag homself op wat ons as Kerk van die Koning van hierdie aarde doen om die lewe van ons naaste leefbaar te maak. Hoe realiseer ons die opdrag om ons naaste lief te hê soos onsself? Hoe weerspieël ons as beeld van God die liefde wat God aan ons, sondaars, bewys het, ook in ons praktiese lewe? Wat leer die Skrif ons oor ons taak in hierdie wêreld, en veral die "jammerdal" waarin so baie mense lewe? Wat sou ons boodskap op die Johannesburg Beraad gewees het, en hoekom is die Kerk se boodskap nouliks gehoor?

ONS SALWING TOT ONTWIKKELAARS

In 'n artikel oor volhoubare ontwikkeling en ons kultuuropdrag in *Kompas* van Augustus 2002 het ek reeds gewys op ons rentmeesterskap en die feit dat ons 'n kultuuropdrag van God ontvang het. Die Bybel leer ons dat die mens sentraal in hierdie wêreld staan, en dat dieselfde mens opdrag gekry het om die skepping te beheers en te bewaar. Juis waar dit om mense, volke en nasies gaan het die Bybel 'n duidelike boodskap, en ons wat elke dag hierin opgevoed word, het die opdrag om díe boodskap wyd uit te dra (Matt 28:19). Deur Christus, die Groot Gesalfde, is ons tog gesalf tot profete, priesters en konings (HK, Sondag 12)?

ONS PROFETIESE ROEPING

As profete van die Koning van die konings het ons 'n duidelike boodskap aan hierdie wêreld. Maar dan is dit wel 'n ander boodskap as díe van die Beraad. Ten minste, dit is nie beperk tot materiële welvaart en is ook nie gebaseer op die geloof dat die mens dit uiteindelik wel kan regkry nie. Die Bybel leer ons om dieper te soek na die oorsake van ons ellende, dieper as materiële armoede, ongelykheid en ongeletterdheid, hoe belangrik die laastes ook mag wees. God se kinders weet van 'n dieper armoede, 'n groter gaping as tussen ryk en arm, naamlik die kloof tussen God en mens. Die Kerk sal moet evangeliseer oor ons ellende waarin ons lewe wanneer ons onsself van God afkeer en op eie voete wil staan. Die oersonde van Adam moet oorwin word deur bekering tot God en gehoorsaamheid in sy diens. Ons sal moet wys op die moontlikheid om as rentmeesters ons talente vir ontwikkeling te gebruik. Maar tegelyk moet ons die mens se beperktheid verkondig, en daardeur sy afhanklikheid van God. Die skepping sug in barensnood onder die vloek en nietigheid wat dit ter wille van die mens dra (Rom 8:20). Sonder die seën van die Here is daar geen ontwikkeling, en hou niks stand nie (Ps. 127). Die mens moet weer leer om sy seën te soek, omdat Hy sentraal in alle ontwikkeling staan. Dit is immers God wat die wêreld onderhou en terwille van sy Naam in stand hou! Maar deur Hom sentraal te stel in al ons ontwikkelingsdenke ontvang ons die krag vir ons taak, en die troos wanneer ons werke by ons hande afbreek, wanneer die onreg seëvier en die goddelose bloei (Ps 73). Omdat ons weet dat God se geregtigheid uiteindelik sal oorwin en Hy sy kinders altyd sal dra. Ons mag op God se beloftes vertrou dat Hy self die aarde sal vernuwe en ewig volhoubaar sal maak (Openb. 21:5).

ONS PRIESTERLIKE ROEPING

Maar ons is ook priesters, wat ons lewe aan Hom toewy. Wat heilig is omdat Hy heilig is, 'n koninklike priesterdom en 'n heilige nasie wat sy groot dade verkondig (1 Pet. 2:9). Wat ons materiële welvaart kan offer ter wille van sy Kerk en Koninkryk om so skatte in die hemel vir ons bymekaar te maak (Matt. 6:19). Ons mag in ons opoffering voorbeelde wees vir 'n gierige wêreld wat homself soek. Ons kan tot 'n seën van ander lewe en optree. Juis in 'n samelewing wat in sy onreinheid die vloek van die Here oor hom haal, moet ons ligtende ligte wees en 'n soutende sout deur ons heilige gedrag Matt. 5:13,140. Ons moet voorbeelde gee van sorgvuldige omgang met sy gawes omdat dit weer as offergawes aan Hom teruggegee moet word. En bo alles mag ons as priesters daagliks hierdie wêreld in ons gebede aan God opdra, Hom herinner aan sy beloftes dat Hy genadig is en die seisoene sal laat voortduur. Bid ons nog vir wysheid en bekering van die owerhede wat God ons gegee het? Bid ons nog om wysheid om self so te lewe dat ander lewensmoontlikhede kry?

ONS ROEPING AS STRYDENDE KERK

Ten slotte is ons ook konings, wat in hierdie lewe die stryd aanbind met ons eie swak vlees, die sonde en die duiwel en sy ryk (HK Son. 12). Ons weet dat ons deel is van die stryd tussen lig en duisternis,

tussen die saad van die vrou en van die slang (Ef. 6). Hierdie stryd begin met onsself, ons eie sondes en swakhede. Die Skrif leer ons om hierdie stryd te stry, elke dag. Daarom begin ons bewapening ook met die bestudering van God se Woord: In U lig sien ons die lig. En huiwer ons nie om ons kultuuropdrag uit te voer in die sweet van ons aangesig, sonder om lui te word teenoor God of ons oog toe te maak vir die nood van ons naaste nie. Om die afbraak van die sosiale lewe, waar Satan so hard aan werk, teen te staan deur ywerige arbeid op die plek waar God ons geplaas het.

KONKLUSIE: GEWAARBORGDE VOLHOUBARE ONTWIKKELING

Ons weet dat ons in hierdie lewe nie die volle raad van God ooit kan verkondig, ons lewe volkome kan heilig en die volkome oorwinning sal belewe nie. Wat is die mens tog swak en vergaan al sy werke. Maar in Christus het ons die waarborg dat Hy ons self eendag die volkome openbaring sal gee, en die volkome heiligheid, om saam met Hom as konings op 'n vir ewig bestaande aarde te regeer, waarin Hy al die lof sal ontvang. ¤

Dr Gerard Hagg

Die tema-artikels oor volhoubare ontwikkeling wat in hierdie uitgawe van *Kompas* gepubliseer word, is geredigeer deur dr Gerard Hagg. Die redaksie spreek hiermee sy hartlike dank uit vir die bydrae wat hy hiermee gelewer het.

Ons gebruik graag ook die geleentheid om br Hagg met sy promosie geluk te wens. In Mei hierdie jaar het hy by UNISA die graad van Doctor in Literatuur en Filosofie behaal met die proefskrif '*The contribution of the community arts centre to capital building for socio-economic development in South Africa'*. Soos die titel aandui, beweeg hierdie studie op die veld van sosio-ekonomiese ontwikkeling. Ons is dankbaar dat dr Hagg sy kennis en ervaring ook met die lesers van Kompas wil deel.
- AJdV

SKAKERINGS VAN GROEN

Martin de Wit

TEMA: VOLHOUBARE ONTWIKKELING

Die onlangse Wêreldberaad oor Volhoubare Ontwikkeling het die aandag daarop gevestig dat ekosisteme onder groot druk staan. Alhoewel daar geen konsensus oor 'n aksieplan was nie, mag ons as Christene onsself nie daaragter verskans nie. Ons opdrag is blywend, ook ten opsigte van die goeie bestuur van die natuur.

Die statistieke was oordonderend. Die politieke kampvegtery nog meer. Tussen al die stof het daar tog 'n boodskap bly vassteek: in 'n verskeidenheid van plekke op hierdie aarde is die natuur onder groot druk en in sommige gevalle selfs uitgewis. Hierdie boodskap is in vyf fokusareas in meer detail uitgewerk: toegang tot water en sanitasie, energie, biodiversiteit, gesondheid en landbou.

Tog was daar ook 'n aantal suksesstories, maar hoofsaaklik uit ontwikkelde lande. Hierdie suksesstories kan baie maklik die persepsie laat ontstaan dat net welvarende lande en streke dit sou kan bekostig om aandag aan die natuur te skenk. Met sekere uitsonderings, soos al vermeld, kan hierdie veronderstelling egter nog nie met feite gestaaf word nie. Meer ekonomiese welvaart, waar ook al ter wêreld, gaan meestal nie gepaard met 'n beter kwaliteit van die natuur nie. Die kostes van hierdie verliese word nie deurbereken in die pryse wat ons vir ons produkte betaal nie. Korttermyn ekonomiese groei en welvaart word dus gesubsidieer. Ons leen van die natuurkapitaal van toekomstige generasies, en die vraag is of ons wys met daardie lening omgaan.

Lenings op sigself is natuurlik nie 'n probleem nie. Solank ons rente betaal, of in ander woorde, herinvesteer in dieselfde of ander vorme van natuurkapitaal of in sommige gevalle selfs ander tipes kapitaal (infrastruktuur, skole, trustfondse ens.) word ons kapitaal nie aangeboor nie, maar leef ons van die rente. Dit is gesonde beleid. Die Aardeberaad was duidelik: ons is besig om ons kapitaal aan te boor, en in sommige gevalle staan ons op die rand van bankrotskap.

Nou weet ons dat die Aardeberaad 'n humanistiese en in baie gevalle selfs 'n kosmosentriese samekoms was. Die hoëpriesters van Gaia, die kapteins van ekonomiese progressie en die kampvegters van gelykheid moes sake tussen mekaar uitspook. Die klem het

Foto: Guy Stubbs

deurentyd bly val op konsensus: deur goeie oorleg kan ons hierdie enorme probleme die hoof bied. Die agenda's het 'n warm debat beloof. Daar was 'n kleiner minderheid wat aangevoer het dat die natuur in wese goed is en dat dit selfs hulle god is. Meestal het die debatte gegaan oor die vraag of die natuur se waarde direk afhanklik is van die mens se gebruik daarvan (besigheid, arbeid) of dat die natuur 'n inherente en intrinsieke waarde het (natuurbeskermingsgroepe, nie-regeringsorganisasies, betogers). 'n Agenda van ontwikkeling ('bruin agenda') bepleit dat die natuur sover as moontlik gebruik en selfs verbruik mag word in belang van groei, werksgeleenthede en ontwikkeling, oftewel die politieke agenda van ontwikkelende lande, maar ook sekere lande soos die VSA en Australië. Dit is nie verniet dat Afrika se ontwikkelingsplan, Nepad (New Plan for Africa Development), groot aandag op die beraad gekry het nie. Dit is ook nie verniet dat geen ooreenkoms oor handel, globalisering, skuldverligting en finansiering bereik kon word nie. 'n Agenda van duursame ontwikkeling, daarenteen, neem in ag dat die gebruik van die natuur ook sekere kostes saamdra ('ligbruin of liggroen agenda'), wat verhaal moet word, oftewel die politieke agenda van die Europese Unie. 'n Agenda van ekologiese duursaamheid stel dat die natuur onder baie streng voorwaardes beskikbaar is vir die mens se verbruik ('groen agenda'), 'n standpunt wat dikwels deur groen nie-regeringsorganisasies gehuldig word.

BRUIN EN GROEN

As mens 'n kleurekaart sou neem, op die een end donkerbruin en op die ander donkergroen, sou die uitkoms van die beraad oorwegend ligbruin wees, maar met 'n valerige groen skynsel as dit teen die regte lig gehou word. Sekere spesifieke afsprake, maar meestal met 'n klein wêreldwye impak, sorg vir skakerings van liggroen. Daar is byvoorbeeld sekere afsprake gemaak oor die vermindering van broeikasgasse, maar die grootste bydraer tot kweekhuisgasse, die VSA, het hulself daarvan uitgesluit. Verder is daar spesifieke fondse in die lewe geroep om die biodiversiteit van die aarde te beskerm, en alhoewel 'n stap in die regte rigting, word die besteding daarvan beslis nie deurgaans geïntegreer in ekonomiese investeringsbesluite nie. Die ligbruin agenda is hoofsaaklik gemoeid met die ondersteuning van globalisering, die aanspreek van die armoede en ook gesondheidsprobleme.

God en sy gebooie oor hoe ons met die aarde en ons naaste moet omgaan het weinig direkte aandag gehad op die beraad. Ons as Christene kan dan reageer deur onsself terug te trek. Dit sou maklik wees, verleidelik selfs. God se woord gee ons egter enkele aanduidings oor hoe om te reageer, wat twyfels oor so 'n houding oproep. God het duidelik in ons kultuuropdrag verwoord dat ons die aarde moet bewerk maar ook bewaar. Hy het ons as rentmeesters aangestel oor sy skepping. Dit beteken dat ons diensknegte is, maar tegelykertyd ook bestuurders van God se skepping, die bome, voëls, diere, water, lug en die land. Die doel is om die welvaart van God se skepping in stand te hou en waar moontlik te verbeter, omdat dit geskape is tot sy eer.

WAARDE VAN DIE OMGEWING

Die Skrif het groot aandag vir die omgewing, dit is immers geskape ten eerste om God te loof en te prys? (Ps 150:6). Die Nederlandse Geloofsbelydenis stel baie duidelik dat ons God uit die Skrif, maar ook uit die natuur leer ken. Die natuur het dus 'n intrinsieke waarde, wat veel meer is as die nuttigheid wat dit inhou vir mense. Die natuur is dus belangrik, baie belangrik selfs, maar beslis nie iets wat ons eerstens moet beskerm vir ons eie oorlewing nie! Die natuur word beskerm omdat dit God se eiendom is. Ons is net die rentmeesters wat verantwoordelikheid moet aflê hoe ons met die skepping omgegaan het.

Die Bybel stel ook 'n duidelike antitese tussen gelowiges en ongelowiges. Alleen deur Christus kan ons gered word en nie deur 'n boodskap van solidariteit, oftewel die oortuiging dat mense gesamentlik hul probleme kan oplos. Die Aardeberaad en verskeie kommentators oor die beraad het al te veel so 'n houding geopenbaar: as ons maar net kan saamstaan, sou alles beter gewees het. As die VSA maar deel was van die onderhandelings, sou ons dalk 'n kans gehad het. Alhoewel samewerking en solidariteit beslis kan help om die probleme aan te spreek, glo ons dat die wesentlike probleem veel dieper is.

Hoe kan ons werklik soos rentmeesters optree? Hoe moet ons dan die belangrike afwegings tussen armoede, ekologie en ekonomie maak? Wie kan ooit sulke wysheid hê? Dit kan ons maar moedeloos maak.

ONS HOUDING

Tog is daar iets wat alle gelowiges saambind en dit is die dankbaarheid vir Christus se verlossingswerk. Hierdie dankbaarheid bepaal in die eerste plek die *houding* waarmee ons omgaan met sy skepping. As die skepping God se eiendom is, en daar is tot sy eer, het ons mos 'n versigtige houding in die gebruik en bestuur daarvan? 'n Houding is in die eerste plek nie soseer gemoeid met resultate nie. Dit is 'n oortuiging, 'n lewensriglyn.

Dit neem egter nie weg dat ons dikwels keuses sal moet maak tussen omgewingsbewaring en ontwikkeling nie. Die volstrekte harmonie tussen God, mens en natuur is deur die sondeval versteur. Maar die mens bly wel sy verantwoordelikhede hou. Daarom is kritiese vrae oor ekonomiese vooruitgang noodsaaklik. Waarom is die ontwikkeling nodig? Is dit vir meer en meer ekonomiese welvaart vir 'n paar rykes? Waarom moet ongebreidelde globalisering plaasvind? Is sulke ontwikkelings duursaam? Word daar winste teruggeploeg om die natuurkapitaal wat gebruik word later te kan vervang? Sit ons terug wat ons daaruit haal? Is ekonomiese groei en winste ons enigste motief, of is daar ruimte vir ekologiese bewaring en rehabilitering en menswaardige werksgeleenthede? Laat die verlies van spesies ons koud of sien ons dat daar nou nog 'n spesie minder is om God te loof en prys?

Die Aardeberaad het 'n positiewe rol gespeel om hierdie vrae weer by ons wakker te maak. Die antwoorde is nie daar nie, aksieplanne wil maar net nie werk nie. Maar ons houding kan onmiddellik verander. Daarvoor het geeneen van ons 'n verskoning nie.

Groen is nie noodwendig Christen nie. Die grondmotiewe kan humanisties of kosmosentries wees. Maar Christenwees beteken dat ons 'n opdrag het om God se skepping te bestuur. En hierdie taak omvat baie verskillende skakerings van groen. ¤

AMERIKA SE UITLAATGASSE EN AFRIKA SE DROOGTES

- Onderhoud met prof. L Hordijk

Dr. Arjan de Visser

TEMA: VOLHOUBARE ONTWIKKELING

Dit is twee dae voor die einde van die Wêreldberaad vir Volhoubare Ontwikkeling (WVO) in Johannesburg. Terwyl die wêreldleiers probeer om die laaste knope deur te hak met die oog op die vasstelling van 'n gemeenskaplike verklaring, sit professor Leen Hordijk rustig en werk in sy hotelkamer in Irene. Hy het sy aandeel aan die WVO gelewer en daar is tyd om die verslaggewer van Kompas te woord te staan.

Hoewel prof. Hordijk 'n Nederlander is, het hy die WVO as 'n lid van die Oostenrykse afvaardiging bygewoon. Die rede daarvoor is dat hy onlangs benoem is as direkteur van die IIASA-instituut wat in Oostenryk gevestig is. Die IIASA is 'n internasionale instituut wat wetenskaplike ondersoek doen in verband met allerlei bewaringskwessies soos lugvervuiling, klimaatveranderings en die gevolge wat dit inhou vir die landbou van verskillende streke in die wêreld.

Die direkte aanleiding vir prof. Hordijk om die WVO in Johannesburg by te woon, was dat sy instituut deur mnr. Kofi Annan, die sekretaris-generaal van die Verenigde Nasies, gevra is om 'n ondersoek te doen na die gevolge van klimaatveranderings wêreldwyd (reënvalpatrone, ensovoorts) vir die landbou in verskillende wêrelddele. Die resultate van die ondersoek is gepubliseer in 'n boek wat tydens die WVO aan die media bekendgestel is en wat ook wye media-dekking geniet het. CNN het selfs twintig sekondes daaraan gewy!

Die titel van die rapport is *Climate Change and Agricultural Vulnerability* (verandering van klimaat en die kwesbaarheid van die landbou). Die belangrikste konklusie van die ondersoek is dat veranderende reënvalpatrone en die stygende temperature die ryker lande sal bevoordeel en die armer lande sal benadeel. Die ryker lande, soos b.v. in Wes-Europa, kry gemiddeld 'n bietjie meer reën en ietwat hoër temperature. Dit is gunstig vir die landbou in daardie streke. Die armer lande egter, soos sub-Sahara-Afrika wat alreeds 'n droogte-probleem het, kry nog minder reën en hoër temperature. Dit beteken dat die alreeds kwesbare landbou van hierdie lande nog swaarder gaan kry.

Wat is die oorsaak van hierdie klimaatsveranderinge? Dit is moeilik om presies te sê maar dit het juis te doen met die kwessies wat in Johannesburg ter sprake was. Die enorme produksie van gasse soos kooldioksied en swaeldioksied deur die industrieë van die ontwikkelde lande beïnvloed die sirkulasie van water in die atmosfeer. Ongelukkig blyk dit so te wees dat die nadelige gevolge daarvan veral in die armer dele van die wêreld gevoel word!

Leen Hordijk is in 1946 in Rotterdam gebore. Na voltooiing van sy skoolloopbaan en studie ekonometrie in dieselfde stad, het hy aanvanklik as 'n ekonoom en later as 'n omgewings-ekonoom begin werk. Hy het by verskillende institute gewerk en later professor geword by die universiteit van Wageningen (Nederland). Hy het homself gespesialiseer in omgewings-sisteem-analise (kwantitatiewe omgewingskunde). Vroeër hierdie jaar is hy as direkteur van die 'International Institute for Applied Systems Analysis' in Laxenburg, Oostenryk, aangestel. Die instituut is onder andere betrokke by die analise van ondersoeksresultate op die gebied van klimaat, landbou en lugvervuiling. Prof. Hordijk was ook jare lank betrokke by Christelike politieke aksie in Nederland. Vanaf 1988 tot 1998 was hy ondervoorsitter van die Gereformeerd Politiek Verbond. Ook na die eenwording van die GPV en die RPF om 'n nuwe party te vorm, die Christen Unie, lewer hy nog gereeld insette op 'n bestuursvlak. Prof. Hordijk is getroud, hy het drie seuns, en hy is 'n lidmaat van die Gereformeerde Kerken (vrygemaak).



VOORUITGANG

Prof Hordijk is vas oortuig dat dit die moeite werd is om resultate van wetenskaplike ondersoek aan die politici bekend te stel sodat daar maatreëls getref kan word. In Afrika is daar miskien min besef van hierdie kwessies, maar in Europa is daar die laaste dekades goeie vooruitgang geboek. As 'n voorbeeld noem prof. Hordijk die probleem van 'suurreën' (acid rain). In die 1980's het die vrystelling van swaeldioksied merkbare gevolge begin kry in Wes-Europa. Die lug was ongesond, daar was sigbare skade aan die bosse in Wes-Europa, en in Skandinawiese lande het die natuurlewe in mere en damme tot niet gegaan. Prof. Hordijk het self aan die begin gestaan van 'n beweging om die politiek sodanig te beïnvloed dat daar maatreëls getref word teen lugvervuiling (in so 'n mate selfs dat hy in 'n Nederlandse koerant 'de zure regen-professor' genoem is). Die politieke beleid in Wes-Europa het inderdaad begin verander, en die gevolge is positief. Prof. Hordijk noem dat die vrystelling van swaeldioksied in Europa oor die laaste twintig jaar met 60% verminder het. Die lug in Wes-Europa is weer redelik skoon en die natuurlewe in die mere in Noorweë het herstel. Ten opsigte van ander probleme is daar egter minder sukses behaal. Die voorkoms van stikstof-oksied byvoorbeeld - wat deur motors se uitlaatgasse geproduseer word - het veel minder afgeneem, en dit ondanks die feit dat daar regulasies vir skoner petrol ingestel is. Die rede vir die gebrek aan sukses in hierdie opsig is eenvoudig dat daar meer karre op die pad is.

Tot watter mate kan 'n Wêreldberaad soos die een in Johannesburg bydra aan die ideaal van 'n leefbare omgewing en die bewaring van hulpbronne? Prof. Hordijk bely dat hy aanvanklik taamlik skepties was oor die Johannesburg-beraad. Hy het maar net gegaan omdat hy moes gaan namens sy instituut en hy het verwag dat dit 'n taamlik nuttelose oefening sou wees. Bowendien is daar altyd die risiko dat wêreldleiers die platform misbruik om hulle eie politieke agenda's te bevorder. 'n Week en 'n half na die begin van die beraad is prof. Hordijk egter meer positief as wat hy verwag het. In die eerste plek vang die beraad die oog van die wêreld se media, en die positiewe gevolg daarvan is dat die probleme rondom volhoubare ontwikkeling in die wêreld se aandag kom. Dit op sigself is 'n positiewe neweeffek van die beraad. In die tweede plek is daar tog sekere dinge bereik, soos bv. die feit dat lande soos Rusland, Japan en China onderneem het om die Kyotoprotokol te onderteken. Moontlik kan dit bydra om die druk op Amerika om meer positief betrokke te raak, te verskerp.

FRUSTRASIES

Een van die frustrasies van die WVO was juis die houding van Amerika. Die VSA het 'n taamlike selfsugtige instelling en is nie bereid om homself enigsins te verbind tot maatreëls wat volhoubare ontwikkeling bevorder nie. By elke konsepteks waaroor daar onderhandel word, probeer die Amerikaners om die besluitteks soveel as moontlik te verswak. En as die besluit dan geneem is, is daar 'n goeie moontlikheid dat hulle dit in elk geval nie sal onderteken nie. Baie deelnemers aan die WVO is gevolglik gefrusteerd oor die VSA se houding. Selfs Tony Blair, gewoonlik 'n groot vriend van die VSA, het homself nou krities uitgelaat oor die Amerikaners se gebrek aan positiewe samewerking. Prof. Hordijk meen dat dit tyd raak dat die res van die wêreld hulle dinge los van die VSA doen. As Europa en ander magsblokke selfstandig besluite neem, sal die VSA later gedwing word om in te val by ontwikkelings.

Alhoewel die WVO wel positiewe resultate opgelewer het, is dit tog 'n vraag of 'n beraad soos die een in Johannesburg nie te groot en te onoorsigtelik is nie. As 'n mens die hele wêreld bymekaar kry, is die magdom aan probleme en kompleksiteite so groot, dat niemand in staat is om die geheel te oorsien nie. Daar is natuurlik gemeenskaplike tema's wat wêreldwyd aandag moet kry en wat saamgevat word met vyf aandagspunte: water, energie, gesondheid, landbou en biodiversiteit. Maar daar is ook enorme verskille tussen verskillende wêrelddele, selfs tussen streke soos Europa en Noord-Amerika. Dit maak dit uiters moeilik om afsprake te formuleer wat werklik deur almal ondersteun kan word.

Prof. Hordijk is derhalwe 'n voorstander daarvan dat die wêreld homself in sekere regio's verdeel en dat elke regio sy eie spesifieke knelpunte aanvat. Noord-Amerika kan Suid-Amerika help, Europa kan Afrika help, en Japan en Australië kan die armer dele van Asië help. Tydens die WVO was dit byvoorbeeld opvallend dat die Europese Unie 'n sekere bereidheid getoon het om die Europese mark meer toeganklik te maak vir produkte van Afrika. Die afskaffing of versagting van die sogenaamde 'trade barriers' sou 'n belangrike stap wees vir die bestryding van armoede in die Derde Wêreld. Waar Europese leiers 'n bereidheid toon om oor die saak te dink, is die VSA egter glad nie bereid om so iets selfs te oorweeg nie.

Intussen hoop prof. Hordijk om met sy instituut voort te gaan om *scenario-analises* te maak van verwagte ontwikkelings van die klimaat in verskillende streke van die wêreld en die gevolge wat dit moontlik inhou vir die ekonomie van die betrokke streke. Namate daar meer gegewens beskikbaar is oor klimaatsveranderings en oor die gevolge van ekonomiese ontwikkeling, is dit ook al hoe meer moontlik om met behulp van wiskunde en statistiek sodanige gegewens te analiseer en scenario's vir toekomstige ontwikkelings te ontwerp. As hierdie scenario's op 'n relevante manier aan regerings en politici oorgedra kan word, is daar hoop dat die mens nie blindelings sal voortgaan om sy eie leefwêreld te vernietig nie, maar dat daar regulasies ingestel sal word wat die omgewing beskerm vir volgende geslagte. Op hierdie manier kan Christen-wetenskaplikes ook in die 21ste eeu saamwerk aan die roeping wat God aan die begin van die geskiedenis vir die mens gegee het: *Ontwikkel en bewaar die skepping!* ¤

DIE HOSPITAALPARK KONFERENSIE

Ds E Viljoen

RONDOM DIE KERK: BINNELAND

Op 11 en 12 September 2002 is 'n ope konferensie in die NG Gemeente Hospitaalpark gehou. Die tema van die konferensie was: 'Die Bybel en die krisis in die kerk – verleentheid of geleentheid'. Ds. Eugene Viljoen doen verslag van hierdie indrukwekkende en historiese samekoms.

Die kerkraad van die NG Gemeente Hospitaalpark het as sameroepende en toesighoudende kerkraad opgetree. Die kerkraad het versoek dat geloofsbriewe aan afgevaardigdes van kerkrade voorsien sal word. Hulle het geoordeel dat iemand met amptelike toestemming sy gemeente verteenwoordig en daarom met groter verantwoordelikheid kan deelneem. Gemeentes moes met mekaar praat vanuit die Skrif en ons gemeenskaplike belydenis. Dit was die gereformeerde uitgangspunt.

DIE PROGRAM

Die konferensie het oor twee dae plaasgevind. Die hoofinhoud van die konferensie was sestien lesings wat oor verskillende onderwerpe gehou is. Lesinginhoude het onder andere gehandel oor die verhouding tussen geloof en wetenskap, die godsbegrip, die vraag: "Wat is gereformeerd?", die erediens, die Christologie, die belydenis van Belhar, 'n Christelike mensbeskouing, die funksie van ons belydenisgeskrifte, die roeping van die kerk en die eenheid van die kerk in die waarheid. Hierdie, en nog ander, onderwerpe is telkens ingelei deur 'n spreker in die vorm van 'n lesing van ongeveer 25-30 minute.

Die bedoeling was egter nie dat 'n konferensie gehou word waar almal hulle verluister aan welsprekende sprekers nie. Kerke moes geleentheid kry om met mekaar te praat. Ook individuele lidmate, predikante en ampsdraers moes aan die word kom. En dit het ruimskoots gebeur. Na elke lesing was daar geleentheid vir ten minste 'n halfuur se bespreking van die onderwerp wat aan die orde gekom het. Dikwels was dit meer 'n geleentheid vir die uitspreek van persoonlike standpunte of bekommernisse oor die gang van sake in veral die NGK as verband. Die konferensie het nooit die hoogte gehaal van 'n behoorlike debat of gesprek oor sake nie. Dit

Ds Viljoen was een van die sprekers tydens die Hospitaalpark konferensie.

het vanweë die gebrek aan tyd veel eerder die vorm aangeneem van slagspreukagtige uiting van standpunte enersyds ter bemoediging en andersyds om 'n waarskuwende stem te laat hoor.

Meer as een spreker het duidelik laat blyk dat hulle wonder hoe lank hulle nog met 'n skoon gewete in die NGK sal kan bly. Ds. Paul du Toit van die NGK Somerset-Wes het sonder om doekies om te draai die oortuiging uitgespreek dat die begrafnis van die NGK binnekort gehou sal moet word. Vir sommige mag hierdie oordeel en ander standpunte wat daar verwoord is, nogal kras wees. Die indruk moet egter nie gekry word dat die konferensie die doel gehad het om vanuit 'n ivoortoring op 'n veilige hoogte na ander vinger te wys nie. Met veel bewoënheid is gepraat oor die lotgevalle van 'n kerkverband wat eens 'n duidelike Christelike getuienis laat hoor het, nie alleen in Suid-Afrika nie, maar selfs tot noord van die ewenaar in Afrika. Groot dank teenoor die Here het weerklink in die liefdevolle en waarderende manier waarop gepraat is oor die kerkskip wat ongelukkig op die oomblik dreig om te sink en geen veilige beskutting bied te midde van die storms van die Satan se aanslae teen die kerk van Christus nie.

"BID VIR DIE KERK…"

Indien iets duidelik geword het uit die konferensie, dan is dit die eerlike besef en begeerte van die meeste van die meer as 230 konferensiegangers om self iets te doen om die kerk te reformeer. Nie as mense wat hulself bo ander verhef nie, maar wat juis vanuit 'n nuwe besef van ons afhanklikheid van die Here, wil gaan werk in hul kerklike situasie.

Wat 'n geweldige indruk het dit nie gelaat toe een van die gemeentelede, nadat hy sy eie sorge en vrese oor die toekoms van sy kerkverband uitgespreek het, die vergadering opgeroep het: "Bid vir die kerk… ons het dit nodig". Hieruit spreek die duidelike verootmoediging wat die konferensie oorheers het. 'n Vernedering onder die magtige hand van God, met die verwagting dat Hy sy kinders weer sal ophef. Die laaste lesing het duidelik laat sien hoe daar gekyk behoort te word na die herstel in die kerk. Dit het gehandel oor die eenheid van die kerk in die waarheid. Op 'n indringende manier het ds. Chris Saayman van die NGK Eendekuil in die Wes-Kaap aangedui dat daar alleen sprake kan wees van eenheid en opbou in die kerk van Christus, wanneer dit gefundeer is op die fondament van die apostels en profete (Ef. 2:20). Eienskap van die kerk is dat dit *apostolies* is. Die eenheid van die kerk kan nooit losgemaak word van haar apostolisiteit nie. Wanneer ons ons losmaak van die geloof wat eenmaal aan ons oorgelewer is (Judas vs. 3), tas ons die eenheid van die kerk aan.

HISTORIESE GEBEURTENIS

Die konferensie is bygewoon deur leraars, kerkraadslede en lidmate van oor die hele land. Daar was meer as 230 individue en afgevaardigdes teenwoordig uit meer as 75 NG gemeentes, agt NGK in Afrika gemeentes, vier Vrye Gereformeerde Kerke asook die Gereformeerde Kerk, die APK en nog ander individue. Baie van die persone wat die vergadering bygewoon het, het dit as afgevaardigdes van hul gemeente of ring (klassis) bygewoon met 'n geloofsbrief. Die betekenis van die geloofsbriewe was baie belangrik.

Hierdie was geen gewone konferensie nie. Opmerklik genoeg het die konferensie uitgegaan van 'n besluit van 'n kerkraad. Die kerkraad van die NGK Hospitaalpark het na ontsteltenis van lidmate en ampsdraers en die uitspreek van hulle verwarring in die huidige debatte tussen NGK teoloë en predikante, besluit om vanuit die Skrif en belydenis rigting te gee. Daarom is besluit om opnuut eenheid te soek in 'n ope vergadering met ander gelowiges wat nog trou wil bly aan die Here volgens sy Woord.

In baie opsigte is dit 'n eerste en daarom werklik historiese gebeurtenis in die geskiedenis van die NGK. Die betekenis van die konferensie is heel goed verstaan deur die huidige "moderator" van die NGK in die Vrystaat, prof. Piet Strauss. In 'n ope brief in die Volksblad van 3 September maak hy dan ook beswaar teen die konferensie. Volgens hom is dit ongereformeerd en onkerklik dat 'n kerkraad 'n konferensie byeen kan roep waar kerke teenwoordig is met geloofsbriewe.

Tereg het ds. George Whitehead in antwoord op Strauss se standpunt gesê dat plaaslike kerke juis die roeping het om met mekaar te praat. Hospitaalpark wil juis in 'n situasie van krisis binne die NGK opnuut vir kerkrade laat verstaan hoe wesenlik belangrik dit is dat gesprekke oor ons geloof nie bloot vryblywende praatjies kan wees nie. Daar is konsekwensies aan te verbind! In die woorde van ds. Whitehead: "Dit (die konferensie - EV) wil die kerk wat reeds versplinter het, van binne-uit weer aan die gereformeerde belydenis help, om met die erkenning van die gesag van die Woord van God waarlik Kerk van Christus te wees". Hy skryf in dieselfde brief: "Deur die saak vanuit die plaaslike gemeente en kerkraad aan te pak, is doelbewus vir 'n gereformeerde benadering gekies".

Die werklik historiese van hierdie benadering binne die NGK, is dat daar teruggekeer word tot 'n gereformeerde kerkreg. Die selfstandigheid van die plaaslike kerk word as uitgangspunt gebruik. Die konsekwensies hiervan is deur prof. Piet Strauss getrek. Hy skryf daarom in die Volksblad: "Daarom bevestig ek dat hierdie konferensie sónder die goedkeuring van die moderamen of die Sinode van die NGK in die Vrystaat plaasvind". Strauss laat die indruk asof dit gereformeerde kerkreg is dat 'n permanente sinode die alleenreg het om kerklike vergaderinge byeen te roep. Dit is natuurlik die praktyk binne die NGK, maar dit is tegelyk ook deel van die ondergang en krisis binne die NGK! Christus word nie meer as Hoof van sy kerk erken wat deur sy Woord in die plaaslike kerk regeer nie. Alles moes in die hande van 'n kerklike "bestuur" gehou word om die eenheid van die kerk in stand te hou. Die eenheid in die ware geloof het verwater tot 'n eenheid onder een kerklike bestuur wat ten alle koste gehandhaaf moet word.

In die woorde van prof Strauss bring die geloofsmoed van die kerk in Bloemfontein "'n botsing van belange indien die besluite van ringe en sinodes van die NGK met díe van die konferensie sou verskil". Dit kan natuurlik net waar wees indien die belange van ringe en sinodes enersyds en die van die konferensie andersyds nie die belange van Christus op die hart dra nie. Die konferensie het daarom geen bedoeling om kerkeenheid aan te tas nie, maar juis kerkeenheid op die regte fondament te plaas, nl. van Christus met sy Woord! Enige "belang" in die ringe en sinodes wat uitstyg bo die belang van Christus is onkerklik en is nie uit die geloof nie. Dit sou daarom ook nie tuis hoort in die kerk (van Christus) nie.

VERKLARING EN DIE PAD VORENTOE

Op die konferensie is ruim aan die gesprekke deelgeneem deur 'n groot groep van die mense teenwoordig. Hulle het dit in hulle persoonlike hoedanigheid gedoen en nie namens hul kerke uitsprake kom doen nie. Daar is wel besluit dat die konferensie uitsprake sou maak waaroor die konferensiegangers eenparig so sou besluit. Hier volg enkele van die uitsprake wat eenparig goedgekeur is.

- 'n Soortgelyke konvent/konferensie of streekskonferensies moet voortaan op 'n gereelde basis (moontlik jaarliks) gehou word vir meewerkende gereformeerddenkendes.
- Die konferensie moet genoeg tyd laat vir lidmate om te kan deelneem.
- 'n Web-werf sal deur die reëlingskomitee ontwikkel word, waarop die inhoud van die referate by die konferensie weergegee sal word, lidmate/leraars deel kan neem aan die debat, lidmate/kerkrade/leraars kan aandui of hulle deel wil word van die samewerkingsooreenkoms wat tydens die Hospitaalpark Konferensie gesluit is,
- Bybelstudiestukke, Preekstudies, kategesemateriaal ens. wat bruikbaar is vir die erediens, kleingroep en kategese, waarin die drie Formuliere van enigheid 'n rigtinggewende rol speel kan op die webblad geplaas word.
- Die vergadering is dit eens dat met die oog op die herstel van die kerk daar ernstig besin sal moet word oor die herstel van die amp van die ouderling in die kerk asook oor die plek en rol van die plaaslike gemeente.
- Die konferensie doen 'n beroep op elke lidmaat wat die Woord van God liefhet, om op te tree teen elke afwyking van die leer van Christus.
- Die konferensie versoek almal teenwoordig om hulle kerkrade op te roep om behoorlike toesig te hou oor die onderwys wat doop-lidmate in skole ontvang en om ouers en onderwysers in te lig en leiding aan hulle te gee oor gevare wat skuil in materiaal wat in die

kurrikulum aangebied word.

- Die vergadering maak beswaar teen die praktyk dat dit binne die NGK moontlik geword het om byna enige afwykende teologie te leer sonder enige gevolge – omdat die 'skopus'-benadering ruimte laat vir prediking wat lynreg teen die Bybel en die Belydenisskrifte is, en predikers daardeur hul legitimasie-eed verbreek.
- In die lig van uitsprake deur sekere professore rondom basiese geloofswaarhede van die Skrif, wat die onfeilbaarheid van die Skrif in gedrang bring, en die feit dat studente van die NGK – en andere – hulle opleiding by die genoemde professore ontvang, verklaar die konferensie dat die situasie geheel en al onaanvaarbaar is. Daarom rig die konferensie 'n oproep tot die Algemene Sinode en die betrokke toesighoudende instansies om onverwyld aan hierdie saak aandag te gee.
- Die konferensie het baie sterk onder die indruk gekom dat die kenmerke van die ware Kerk van Christus, naamlik suiwere Woordverkondiging, die suiwere bediening van die Sakramente en die toepassing van die tug, weer sterk onder die aandag van die kerk gebring moet word. Die NGK word baie dringend opgeroep om erns te maak met die toepassing van die tug tot eer van God en tot heil van die kerk.

Aan die einde van die konferensie is daar besluit om 'n samewerkingsooreenkoms te onderteken. Hierdie ooreenkoms is plegtig deur individue en deur afgevaardigdes onderteken, maar die geleentheid word gelaat dat die inhoud van die ooreenkoms en die besluite aan Kerkrade en Ringe voorgelê kan word vir ondertekening indien hulle hul aan die ooreenkoms wil verbind. Ook individue kan die ooreenkoms onderteken. Op die konferensie is deur een van die afgevaardigdes verwys na die betekenis van die ondertekening van só 'n ooreenkoms in die Skrif. In die lig van Nehemia 9 en 10, is dit duidelik dat die volk na die Here gekom het in vernuwing van die verbond met die Here. Die volk het 'n verbond op skrif gestel en almal het dit onderteken (Neh. 9:38–10:29). Dit is daarom veel meer as 'n "ooreenkoms" tussen mense. Dit is 'n "verpligting om te wandel in die wet van God" (Neh. 10:29).

Die volgende verpligting is onderteken deur 102 van die afgevaardigdes:

In gehoorsaamheid aan God-Drie-Enig, wil ons as Kerke en/of individue ons laat vergader in die eenheid van die ware geloof. Daarom onderskryf ons hiermee die Bybel as die gesaghebbende Woord van God en die drie Formuliere van Eenheid omdat dit in ooreenstemming is met die Woord. Ons wil ook mekaar in alles hiertoe help.

Die doel van die konferensie en die onderneming wat onderteken is, is daarom duidelik nie om die kerk van Christus verder te verdeel nie. Alles moet gedoen word juis om die eenheid te bevorder. Op die pad van gehoorsaamheid aan ons roeping om een te wees, was hierdie konferensie in Bloemfontein 'n historiese mylpaal! Dit is 'n konferensie wat oproep om verder te bid en te werk. ¤

FOLMER BOEKHANDEL

19e Laan 283, Villieria
Pretoria, 0186, Suid-Afrika

Tel 012 329 0031
Faks 012 329 5927

GIDS VIR KERKGESKIEDENIS – prof VE d'Assonville
Baie informasie in 'n neutedop!
245 bl vir slegs R27

KERKGESKIEDENIS IN 30 LESSE – prof VE d'Assonville
Dertig kort lesse – geen aanspraak op volledigheid nie, maar die hooflyne word aangedui.
117 bl vir slegs R15

DIT IS TOTIUS – J D du Toit 1877 – 1953 (PROF VE d'Assonville)
Wie meer wil weet oor hierdie bekende Afrikaanse teoloog, skrywer, digter, psalmberymer en Bybelvertaler, moet hierdie boek lees. Erken die wat julle voorgangers is in die Here. Hardeband 283 bl, R75

S J du TOIT VAN DIE PAARL – 1847 – 1911 (prof VE d'Assonville)
Net so interessant is die boek oor die pa van Totius. 'Die leier en siel van die Eerste Taalbeweging, die eerste in verskuns nie alleen nie, maar ook die taalkundige werk en propagandistiese geskrifte – iemand met een geniale aanleg – hy was die eintlike baanbreker ook op die gebied van die Afrikaanse Bybelvertaling – een van die skerpsinnigste manne van sy tyd – een van die mees begaafde geeste wat Suid-Afrika nog opgelewer het'. Maar ook iemand wat gesê het: "Ek verwag alle verlossing van die Kruis alleen en wil tot op die laaste daarop wys". 439 bl – R150

In die pragtige reeks Commentaar op het Nieuwe Testament het nou verskyn: VAN HOUWELINGEN, PHR: Tessalonicenzen (Voortgezet basisonderwijs). Na hulle vertrek uit Tessalonika sit die apostel sy onderwys aan die jong gemeente skriftelik voort, Die gemeentelede moet hulle oefen in Christelike lewenswandel, standvastigheid en toekomsverwagting. 'n Boek wat deur sowel predikante as gemeentelede goed gebruik kan word.
Die boeke in hierdie reeks is duur, maar afbetaling of selfs spaarkoop is altyd moontlik! 269 bl – R280

Nog 'n paar mooi cd's:

nr 1402542: Op heel mijn levenspad. Orgel (Dub de Vries), panfluit, dwarsfluit, synthesizer en piano. 18 Psalmen, liederen en gezangen. R115

nr 1401732: Het Noordermannenkoor zingt psalmen. Harm Hoeve: dirigenten. Marcel van den Ketterij aan het orgel (Ned Herv Kerk te Hasselt). R115

’n NUWE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA ... VRYGEMAAK?

Ds. P Nel

PEILING

In die kerklike wandelgange is die geluide daar. Suid-Afrika se gereformeerdes moet bymekaar uitkom. Die stemme hoor ons in die briewe kolomme van tydskrifte en op straat. Maar wat sê die kerke? Uit die NGK is daar die duidelikste stemme. Ons het dit duidelik verneem tydens die konferensie te Bloemfontein. Uit die Hervormde Kerk hoor ons weinig, indien enigiets. Maar wat hoor ons vanuit die GKSA, die kerk wat konfessioneel sterk gereformeerd wil wees? Ook hier is verblydende stemme, maar ’n mens wonder waarheen dit sou lei. In die lig van die onlangse sinodebesluite van die GKN(v) rakende die eenheid tussen die VGKSA en die GKSA is die vraag in dié tydgleuf uiters belangrik.

PERSOONLIKHEIDSTIPES?

In die Kerkblad van 8 Mei 2002 reageer die redakteur op beweringe van professor Henno Viljoen (Beeld van 24 April 2002) dat “fundamentalistiese” persoonlikheidstipes die nuwe hervorming in die kerke in die weg staan. Viljoen bepleit “toleransie” tussen dié persoonlikheidtipe en die van mense met ’n “oop ingesteldheid”. Die redakteur skryf dan teen die gedagte van, soos hy dit noem “persoonlikheidkerke”:

> *“As ‘toleransie’ sou beteken dat medegelowiges mekaar nie verguis en verketter en etiketteer nie, dan is dit goed. Sou dit egter ’n soort ‘laat-maar-gaan”-verdraagsaamheid beteken, moet dit bevraagteken word. ... Die toleransie wat volgens hierdie benadering gevra word, is dat ons nie moet probeer om die verskillende kerke nader aan mekaar te bring nie. Die kerklike verskeidenheid sou dan ’n goeie doel dien..... Die probleem met hierdie soort verdraagsaamheid is egter dat dit die kerk wil inrig na die smaak van mense. Soveel voorkeure soveel kerke. Die uiteinde hiervan is straks die ellendige toestand waarteen 2 Timoteus 4:3 waarsku: ‘Hulle sal hulle eie begeertes volg en vir hulle leermeesters bymekaarmaak wat net sal sê wat hulle graag wil hoor.’ Binne die GKSA, ... lyk dit of die idee van ‘persoonlikheidskerke’ ook gestalte begin aanneem. ... ons godsdiens verg nie van ons om een van hierdie persoonlikheidstipes na te volg nie maar om onsself, soos Romeine 12:1 dit stel, as ’n ‘lewende, heilige en aan God welgevallige offer’ te gee.... Dit vra nie na ’n ‘nuwe hervorming’ wat ons van God se Woord af weglei nie, maar na ’n terugkeer, terug na die Skrif toe.... Van watter ‘persoonlikheidstipe’ sou hierdie twee manne (Luther en Calvyn - PN) gewees het.”*

In die Kerkblad van 28 Augustus 2002 is die ink nog nie droog nie en die redakteur raak nog meer duidelik. Alhoewel hy verdraagsaamheid tussen die “susters”-kerke voorstaan wil hy niks weet van die oorname van die liberale tendense van die ander “susters”-kerke nie. Hy skryf:

> *Dikwels is die voorstanders van hierdie veranderings ook voorstanders daarvan dat ons gebruike wat by ons Nederduits-Gereformeerde bure praktyk is, in die GKSA sal invoer. Dit is praktyke soos kinderdienste, bidure en gebedskettings, vrouens in die kerklike ampte, ’n (oop) Nagmaalsviering wat in die banke met kelkies bedien word, gesange wat in die erediens gesing word, ensovoorts. Interessant genoeg, het hierdie Gereformeerdes se ywer verander die oomblik toe die NGK en die Hervormde Kerk besluit het om die Gesangeboek met die Liedbundel te vervang. Nou beywer hulle hulle vir die Liedboek in die GKSA.*

Hy pleit dan vir ’n soort verdraagsaamheid sonder strukturele eenwording met die ander “suster”-kerke en, soos hy dit stel, ook sonder om van die GKSA ’n klein NG Kerkie te wil maak.

’n Mens lees die frustrasie van gereformeerdes wat moeg is om te stry en wat net vrede in eie kring vra. Dit is egter nie die enigste of die beste oplossing nie. Daar is, naas die vals en veelvuldige stemme van die liberaliste, ook ander stiller stemme. Dit is die stemme waarna ons reeds hierbo verwys het, wat vra vir ’n nuwe en ware hervorming. Mag die gereformeerdes aanhou stry en mekaar vind in die Hervorming van belydenis, van hart en van rede. Mag ons ’n vrymaking sien op eie bodem. ¤

NA 18 JAAR TERUG IN SUID-AFRIKA

- Onderhoud met ds KJ Kapteyn

Hilde Roos

ONDERHOUD

Ds en mevrou KJ Kapteyn is vir meeste lidmate van ons kerkgemeenskap bekend: predikantsegpaar van die Vrye Gereformeerde Kerk te Pretoria van 1977 - 1984, belangrike jare van konsolidering ná 'n periode van kerkskeuring en vertrouensbreuk in daardie gemeente. Baie lede het ds Kapteyn as prediker ervaar, ander onthou hom beter uit sinodes, kongresse, huisbesoeke of katkisasieklasse, en vir sommige van ons lesers is hy heeltemal onbekend. Ná 18 jaar afwesigheid mag ons ds Kapteyn weer terug verwelkom, dié keer in die hoedanigheid van hulppredikant aan die Kaapse gemeente.

Hoewel hy lank uit Suid-Afrika weg was, het sy geestelike band met die kerkgemeenskap sterk gebly en is hy geesdriftig oor die rol van die kerk: *Die Vrye Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika moet **kerk** wees. Ons moet ons gereformeerde skat hier in Suid-Afrika uitdra. Ons moet nie 'n Hollandse kerk wees nie, ons moet moeite doen om in die Suid-Afrikaanse gemeenskap in te beweeg.* Hy sien met groot dankbaarheid die ontwikkelinge in die VGKSA raak en is bly om sý deel te mag bydra aan hierdie werk.

Die Kerkraad van Kaapstad het reeds geruime tyd oorweeg om hul eie predikant, ds Eugene Viljoen, vir 'n paar maande van 'n deel van sy werk vry te stel sodat hy aandag aan verontruste kerkmense in sy onmiddellike omgewing kan spandeer. Dit het 'n saak van dringendheid geword omdat ds Viljoen reeds heelwat kontakte met verskeie verontruste gelowiges onderhou. Vanweë die groot werkslading van 'n predikant het hy egter net nooit die geleentheid gekry om hierdie kontakte op te volg nie.

Ds Kapteyn het in Mei 2002 in Nederland met emeritaat gegaan en is reeds in die begin van die jaar deur die kerkraad van Kaapstad genader of hy sou belangstel om van Julie tot November 2002 as hulppredikant na Kaapstad te funksioneer om sodoende ds Viljoen die geleentheid te gee om tyd aan die verontrustes af te staan. Die oorweging om ds Kapteyn te nader was natuurlik omdat hy die VGKSA goed ken en vertroud is met die Suid-Afrikaanse kultuur, geskiedenis en taal.

AANPASSING

Ds Kapteyn deel die opinie dat dit belangrik is dat voormalige NG predikante die mees effektiewe onder verontrustes kan werk omdat hulle self uit dié kultuur kom en die moeites en behoeftes van verontrustes verstaan. Hy vind dit egter belangrik dat die gemeente self ook moeite behoort te doen om hierdie kultuuraanpassing te onderneem. Hy vra homself af die ouer generasie emigrante wel in voeling is met die veranderinge en die kultuurverskuiwing wat aan die gang is. Die gevaar is lewensgroot dat hulle te veel op Nederland fokus en eensydige lektuur uit Nederland lees en sodoende buite die Suid-Afrikaanse samelewing staan.

Die 'Nederlandsheid' van 'n groot deel van die VGKSA is volgens hom 'n noodwendigheid van 'n

Ds en Mev. Kapteyn

immigrantekerk, maar een wat wel sy frustrasies meebring. Toe hy in Februarie 1977 predikant in Pretoria geword het, het hy as gevolg daarvan nooit die Afrikaanse taal goed leer beheer nie. *Prakties almal in die gemeente met wie ek in aanraking gekom het, het altyd Nederlands gepraat. 'n Predikant beweeg nie baie buite die gemeente nie, dis 'n geïsoleerde posisie en ongelukkig het ek nooit geleer om die taal regtig goed te beheer nie.*

Sy ampstermyn in Pretoria is egter 'n bron van goeie herinneringe vir hom en sy vrou. Hoewel dit 'n swaar pos was, was hulle en hul twee seuns (Aart en René) baie gelukkig daar. Toe die geleentheid hom hierdie jaar voordoen om 'n tydjie in die Kaap te mag deurbring, het die Kapteyn-egpaar dit as soos 'n avontuur gesien en besluit om dit aan te pak.

PREDIKANTSJARE

Ds Kapteyn het in 1965 aan die Teologiese Universiteit van Kampen as predikant afgestudeer. In daardie jaar het hy 'n beroep na Overschild-Appingedam aangeneem. Vier jaar later, in 1969, het hy in Bunschoten-Spakenburg predikant geword. Hiervandaan is hy en sy gesin vir sewe jaar na Suid-Afrika. Hoewel hy op daardie stadium geen bande met Suid-Afrika gehad het nie, het hy die pos in Pretoria aangeneem vanweë die nood wat daar in die gemeente was en die uitdaging wat die Suid-Afrikaanse omgewing gebied het. In 1984 het ds Kapteyn weer uit Suid-Afrika vertrek toe hy 'n beroep na Kampen aangeneem het. Van 1989 tot sy aftrede in Mei vanjaar was hy predikant in Hoogeveen.

Hoewel hy baie lief is vir eksegese, veral van die Ou Testament, het die omstandighede in die verskillende gemeentes waar hy gedien het, ook sy belangstelling gevorm. Vanweë die situasie in Pretoria in die sewentiger jare het hy hom verdiep in kerkreg: die orde wat daar in die gemeente van Christus behoort te wees. Sy eerste liefde wat hom egter sedert sy studente jare geboei het, is die geskiedenis van die dogma; die ontwikkeling van die gereformeerde leer deur die afgelope 2000 jaar.

AFTREDE

Met sy aftrede het hy en sy vrou besluit om in hulle in Assen te vestig. Die gemeente daar het hom ook reeds genader om hulpdienste te verrig, 'n taak wat hy hoop om op te neem ná hul terugkeer na Nederland. Ds Kapteyn is bly om steeds die geleentheid te hê om te mag preek, vir hom is dit een van die mooiste aspekte van predikantskap en hy hoop om dit nog lank te mag doen. Die kontak en omgang met die jeug in die katkisasieklasse is ook 'n uitdaging vir hom. Dít, saam met gemeentebesoeke, is ook sy belangrikste take as hulppredikant vir die 5 maande wat hy in die Kaapse gemeente funksioneer.

Die moderne Nederland bied volgens hom groot uitdagings aan die manier van prediking, uitdagings wat ook in Suid-Afrika gaan kom: *Vandag se jeug is vanweë die invloed van televisie en die gebruik van 'n rekenaar heeltemal visueel ingestel. Prediking is egter primêr deur die gehoor en vir 'n predikant is dit toenemend moeilik om die aandag te hou. Dit speel veral ook op katkisasie 'n groot rol.* Hy meen egter die lewensituasie van Suid-Afrika nogal verskil met Nederland. Die materiële welvaart van die Nederlandse gemeenskap maak dit baie moeilik vir ouers om hul kinders as Christen groot te maak en hoe om dit prakties uit te leef.

In Suid-Afrika het die kerk egter ander uitdagings en een van hulle is om deel te wees van die gemeenskap hier. Ds Kapteyn is verheug en dankbaar met die groot aantal Suid-Afrikaanse predikante wat in die kerkverband mag werk. Toe hy in die sewentiger jare predikant was in Pretoria, was hulle slegs drie eg-Nederlandse predikante.

2002 is 'n heeltemal ander prentjie: 'n hele groep predikante, 'n aktiewe sendingsveld en predikante-opleiding. 'n Dinamiese kerklike omgewing met gedurige ontwikkeling! ¤

MOEITES VAN DIE OUDERDOM

Inge de Visser

LEWENSWANDEL

'n Vroueprogram op die radio, aan die begin van die dag. Die onderwerp is bejaardes en hoe hulle voel. As daar probleme is kan hulle maar inbel. Daar is 'n sagte stem wat sê: "Moet asseblief nie vir my kinders sê dat ek gebel het nie, want hulle beheer my pensioengeld, maar ek kry so min, ek kan amper nie daarvan lewe nie, hulle vat amper alles…" 'n Volgende een huil: "Hulle het my 23 jaar gelede in hierdie ouetehuis afgelaai en ek het hulle nooit weer gesien nie…"

'n Mens skrik as jy sulke dinge hoor en jy wonder: Hoe gaan dit met die ouer lidmate in ons gemeente? Dink ons aan hulle? Het hulle 'n plek in die gemeente? Gee ons genoeg aandag? Is daar liefde vir hulle, en begrip vir hulle moeites?

Daar word soms gepraat van ou mense wat knorrig geword het. Is dit tereg? Verstaan ons die depressie wat hulle kan tref omdat hulle nou maar net in 'n stoel kan sit en wag tot die Here hulle kom haal? Ek het van ons bejaarde lidmate al hoor sug: "dit vat so lank…"

Daar is miskien 'n neiging om die ouer broeder of suster in die rede te val met die vermaning "ja maar u weet tog dat u nog 'n taak het en dat die Here 'n doel met hierdie tyd van u lewe het?" Dit is egter belangrik dat ons geleentheid sal gee vir verdriet en vir gevoelens van depressiwiteit.

MOEITES

Die meeste van ons is die grootste deel van ons lewe mobiel. Ons kan rondbeweeg na allerhande plekke. Dit raak egter heeltemal anders as ons in ons ouderdom op 'n plek kom waarvan ons weet: dit is die plek waar ek gaan sit totdat ek sterf. Die probleem is dat jy maar moet sit en wag totdat daar ander mense opdaag. Partykeer is daar niemand wat kom kuier nie en is dit maar net die versorgers wat hulle werk kom doen. Hulle is nie altyd in 'n goeie stemming nie, want dit is hulle werk om jou te versorg en jy raak lastig. Jy begin allerhande klagtes kry: jou boude begin seer word, jou knieë raak lam, jy vergeet so baie. En jy sê dit ook.

Die reaksie van die personeel is baie keer: "Toe nou, moenie so baie kla nie, dit is nou maar iets wat jy moet dra." Dit is natuurlik die waarheid, ons moet moeites dra. Maar die feit bly staan dat jy so ongelukkig voel. Wie wil nou regtig kla? Wie wil graag as 'n moeilike mens bekend staan? Elkeen lewer 'n stryd en dit is nie net oorwinnings wat behaal word nie!

Dikwels is daar ook die angs vir die tyd dat dit nog slegter met jou sal gaan. Wanneer sal die tyd kom dat jy nie meer self toilet toe kan gaan nie? Wanneer bring hulle jou hospitaal toe omdat een van jou liggaamsdele weier om te funksioneer?

As daar dan nie mense is met wie jy jou ongelukkigheid en jou vrese kan deel nie, word die sorge in jou belewing al hoe sterker. En as jy ook elke keer moet hoor dat jy nie so mag praat nie, begin jy ook sleg voel teenoor die Here. "Het die Here my nie my hele lewe lank al sy goedheid en liefde bewys nie? Hoe kan ek dan nou in my ou dag so sit en kla oor alles?"

Daarby kom dat 'n mens se herinnerings soms selektief is. Jy verloor die regte perspektief. Dit is al asof jy die negatiewe baie beter onthou as die positiewe: "Het ek werklik 'n goeie lewe gelei? Het ek alles gedoen wat ek moes gedoen het? Wat van die opvoeding van my kinders? Moes ek nie veel meer aandag aan hulle gegee het nie? En wat van daardie misstappe wat ek destyds begaan het? Ek het lankal vergewing daarvoor gevra, maar nou kom die herinnerings weer terug en dit pla."

Om te bid is ook nie altyd maklik nie. Dit is soms moeilik om jou gedagtes te beheer. Jy moet hardop bid om die lyn te kan vashou, maar soms is dit onmoontlik vanweë die omgewing waarin jy sit.

Hierdie beskrywing gee maar net 'n klein en onvolledige indruk van die moontlike gedagtes en gevoelens van ons ou mense. Daar is nog baie meer om te noem. Ons moet ook daarby voeg dat die duiwel ook hier aanwesig is. As 'n mens sielkundig gesien swak raak, sal Satan dit geniet om jou nog meer aan jou sondes en gebreke te herinner. Hy kla jou aan en jy voel dat dit heeltemal tereg is, want jy het mos nie goed geleef nie. Jy het jou foute gemaak.

PASTORAAL

Hoe kan ons iets beteken vir ons ouer broeders en susters? Eerstens is dit belangrik dat ons respek betoon. Respek vir die Here se werk in hulle en daarom ook respek vir hulle self. Hulle is die mense vir wie die Here so lank Sy liefde en goedheid laat ervaar het. Ons kan maar net by hulle staan en met dankbaarheid sien dat hulle deur alle moeites van die lewe heen die geloof mog behou. Dit impliseer ook dat ons geduldig is, ook as ou mense knorrig of klaerig geword het. Laat ons nie te vinnig met trooswoorde kom nie, want dan laat ons hulle nog meer skuldig voel. Tweedens is dit belangrik dat ons tyd neem vir gesprek. Mense is geskape met 'n behoefte om te praat, te deel, te kommunikeer. Dit geld nie net vir die mooi dae nie, maar beslis ook vir die moeilike dae. As daar dan broeders en susters is wat oud en eensaam word, is dit 'n taak vir die jongeres om met hulle te praat, na hulle te luister, met hulle te kommunikeer. Ons mag hulle bemoedig en vertroos. Ons mag hulle help om nie sleg te voel oor hulle moeilike gedagtes nie. In die gemeente van Christus is daar baie geleenthede vir spontane en informele pastoraat!

SKULDGEVOELENS

'n Belangrike moeite van oud wees is dat 'n mens jou skuldgevoelens moet hanteer. In hierdie opsig is dit baie belangrik dat sodanige gevoelens in gebed by die Here gebring word. Ons lees in die Psalms hoe Dawid sy donker gevoelens uitspreek, en dan kom daar ook verligting, want hy ken die Here. As die kind van God sy gedagtes voor die aangesig van die Here uitspreek, is die Here daar. Hy is die liefdevolle kenner van die harte. Hy weet wat in ons is, en Hy wil dit ook hoor, sodat daar vergewing kan wees. Selfs jou mees ontevrede of ongelukkige gedagtes en gevoelens word deur die bloed van die Here Jesus bedek. Dit is die kern van die gesprekke en besoeke wat ons bring aan ons ouers of ou broers en susters in die gemeente.

Psalm 32, met die pragtige sielkundige beskrywing, mag ons leidraad wees. Dawid sê: "Toe ek geswyg het, het my gebeente uitgeteer in my gebrul die hele dag" (vers 3) Maar toe hy gebid en sy sonde bely het, het hy die Here ontmoet as die groot Ontfermer. Gevoelens van sonde en skuld is soms diep gewortel. As ons dan reageer met 'n oppervlakkige "ag,

maar dit is tog nie so erg nie," kyk ons verby aan die nood wat daar is by die broeder of suster wat op die punt staan om die Here te ontmoet. Laat ons juis probeer om die ouer broeder of suster te verseker van God se beloftes van genade en vergewing vir almal wat na Hom toe vlug.

As 'n mens voel dat jy aan die einde van jou lewe gekom het, weet jy dat jy die Here gaan ontmoet. Dit kan aan die een kant 'n verlange oproep: Daar gaan uiteindelik 'n einde aan jou lyding kom. Maar daar kan ook vrees wees: Hoe kan ek die heilige God ontmoet? Hoe belangrik is dit dan dat ons van jongs af gehoor het dat daar vergewing is, soos wat byvoorbeeld Psalm 130 daaroor praat:

"Sou U as regter handel,
O Heer, en gadeslaan
Ons goddelose wandel,
Ag, wie sou dan bestaan?
Maar nee, daar is vergewing
Altyd by U gewees:
So word U, Heer, met bewing
Reg kinderlik gevrees."

Eintlik sou hierdie psalmvers een van die eerste verse moet wees wat ons as kinders leer, sodat ons van ons vroegste dae af kan leer om op die Here se vergewingsgesindheid te vertrou. As ons so 'n psalm as kind geleer het, sal ons dit in ons ouderdom nog onthou. Dit sal geweldig help om op ons sterfbed nie te begin wankel en te begin twyfel oor die genade van die Here nie.

Daar is egter ook ander reaksie. Daar is ook bejaardes wat skuldgevoelens onderdruk en glad nie daaroor kan praat nie. Daar is ook diegene wat vasklou aan die lewe en wat nie in staat is om 'n gesprek te voer oor die naderende ontmoeting met die hemelse Vader nie. In ons gesprekke met bejaardes sal ons moet luister, en met wysheid moet antwoord gee. Paulus se bekende opdrag is ook toepaslik as ons praat met bejaardes: "Laat julle woord altyd aangenaam wees, met sout besprinkel, sodat julle kan weet hoe julle iedereen moet antwoord." (Kol. 4:6)

GEEN HEMELVERLANGE

Ons ouer broeders en susters kan ook begin sleg voel oor 'n gebrek aan hemelverlange. Hulle geniet nog so baie van kinders en kleinkinders dat hulle nog glad nie lus is om 'heen te gaan' nie. Dit kan gebeur dat bejaarde gelowiges sleg voel omdat hulle nie soos Paulus kan getuig dat hulle 'n verlange het om heen te gaan en met Christus te wees nie (Fil. 1:23).

Daar is egter 'n verkeerde veronderstelling in hierdie gedagtegang. Die Here vra nie van ons dat ons almal te alle tye net soos Paulus moet voel nie. Dit is tog die Here wat vir ons die lewe gegee het, as-ook die verlange om dit te geniet? Sou dit dan nie 'n gawe van die Here wees as ons nog nie wil sterwe nie? Dit is die orde in die lewe wat die Here self bepaal het. Hierdie skuldgevoelens is al weer 'n lis van Satan wat met sy leuens God se kinders aanval as hulle swak is. Solank ons tyd om te sterwe nog nie gekom het nie, is dit nie ons roeping om daarna te verlang nie, en is dit ook nie nodig dat die Here sy sterwensgenade vir ons gee nie. Maar ons mag mekaar verseker dat die verlange na die vreugdevolle ontmoeting met Hom sal kom. Op God se tyd, as Hy ons roep. Dit het te make met sekerheid wat in God self is. Hy, die God van die lewe, regeer sy kind in lewe en sterwe.

So mag die jonger generasie die ouer broeders en susters vertroos met die evangelie wat hulle juis van die ouer generasie ontvang het. Is dit nie 'n pragtige ordening van ons goeie God dat ons vir hulle mag teruggee wat hulle self vir ons geleer het nie? ¤

DIE INSTELLING VAN DIE AMPTE IN 'n SENDINGGEMEENTE

Ds AJ de Visser

SENDING

Daar is die laaste tyd gereeld melding gemaak van die feit dat twee sendinggemeentes van die Vrye Gereformeerde Kerke ver gevorder het op die pad na instituering. Wat betref die een gemeente, Mamelodi, is die instelling van die ampte reeds deur die sendende kerkraad (Pretoria-Maranata) goedgekeur. Wat betref die ander gemeente, Soshanguve-Noord, behoort 'n besluit binnekort geneem te kan word.

Die proses wat tot instituering lei, verloop in breë lyne soos volg: Eers stuur die betrokke sendeling 'n rapport aan sy sendende kerkraad waarin hy verduidelik dat hy meen dat die tyd ryp is vir die instelling van die ampte. Die sendende kerkraad benoem dan 'n visitasie-kommissie, bestaande uit 'n kollega-sendeling en 'n paar ouderlinge, wat 'n ondersoek doen in die betrokke sendinggemeente en dan aan die kerkraad verslag doen oor hulle bevindings. Daarna neem die kerkraad op grond van beide rapporte 'n besluit, wat daarna nog deur die klassis geratifiseer moet word.

Hoe beoordeel 'n mens of 'n sendinggemeente ryp is vir die instelling van die ampte? Watter feite en afwegings maak 'n sendeling in sy rapport aan die sendende kerkraad? Aangesien ek onlangs self so 'n rapport aan die kerkraad geskryf het, gee ek graag dele van my rapport weer in hierdie artikel. Uit die aard van die saak is die fokus op Soshanguve-Noord omdat dit die gemeente is waar ek die afgelope jare gedien het.

DIE BROEDERS

Die belangrikste vraag in verband met die instelling van die ampte is of daar broeders in die gemeente is wat as ouderlinge kan dien. Wat dit betref het daar oor die afgelope

een en ’n half jaar die volgende in Soshanguve-Noord gebeur.

Begin verlede jaar is die gemeente gevra om name te noem van broeders van wie hulle voel dat hulle *opgelei kan word* tot ouderlinge. Skrifgedeeltes soos 1 Tim. 3 en Titus 1 is gebruik om aan die gemeente voor te hou oor watter kwaliteite ’n ouderling moet beskik.

Die gemeente het vier broeders genomineer. Hierdie vier broeders is aangestel as ’n soort van kandidaat-ouderlinge. Hulle het begin huisbesoeke doen en as ’n voorlopige kerkraad begin funksioneer. Hulle het ook in die gemeente meer duidelik leiding geneem, bv. deurdat hulle op Sondae die afkondigings aan die gemeente voorhou. So het die gemeente geleentheid gekry om die broeders deur te kyk. Ook het die broeders self op hierdie manier geleentheid gekry om rustig in die rigting van die amp te kan groei.

Vandag, een ’n half jaar later, is sowel die gemeente as ekself oortuig dat hierdie broeders deur die Here aan die gemeente gegee is om ouderlinge te wees. Van al vier kan getuig word dat hulle ‘onberispelik’ is in die sin soos Paulus dit in 1 Tim. 3 bedoel. Hulle is manne van een vrou, nugter en ingetoë, geen drinkers of vegters nie, hulle soek nie hulleself nie, hulle regeer hul huisgesinne goed, hulle is bekwaam om ander te onderrig, en hulle staan goed bekend by buitestanders. Nadat ek vele besprekings van huisbesoekrapporte met hulle meegemaak het, is ek oortuig daarvan dat hulle die kudde van Christus liefhet en dat hulle in staat is om herders van die gemeente te wees.

’n Volgende vraag is of die broeders die kennis en die bekwaamhede het om die take van ’n ouderling te kan uitvoer. Volgens die bevestigingsformulier is die regering en herderlike versorging van die gemeente aan hulle toevertrou. Bowendien moet hulle toesig hou oor die leer en die lewe van die bedienaars van die Woord.

Dit impliseer dat hulle ’n goeie kennis van die Skrif en die gereformeerde leer moet hê, dat hulle ook ’n basiese kennis moet hê van wat die kerkorde sê oor die ampte, die kerklike vergaderings, die eredienste en die tug. Verder moet dit duidelik wees dat hulle trou is in die uitoefening van pastorale sorg oor die lidmate.

Die vier kandidaat-ouderlinge van Soshanguve-Noord

Om die broeders gereed te maak vir hulle taak as ouderlinge, is hulle deur praktiese oefening en deur aanvullende onderrig toegerus. Wat die praktiese oefening betref, het hulle huisbesoeke in die gemeente begin aflê. Elke Woensdagaand is gereserveer vir hierdie doel. Die reël was gewoonlik dat daar drie agtereenvolgende Woensdae huisbesoeke gedoen is, waarna daar die vierde aand ’n vergadering gehou is om die huisbesoeke te bespreek.

Die huisbesoeke word altyd deur twee broeders saam gedoen waarby die beplanning so gedoen word dat ’n onervare broeder saamstap met ’n meer ervare broeder of met die sendeling. Dit was mooi om met verloop van tyd te sien hoe die broeders toegeneem het in vrymoedigheid en bekwaamheid om die lidmate aan te spreek. Veral bemoedigend was die feit dat hulle dit doen vanuit die Woord van God.

Aanvullende onderrig het plaasgevind tydens ’n elementêre teologiese kursus wat op Saterdagoggende in die kerkgebou van Soshanguve aangebied word. Hoewel hierdie kursus nie spesifiek ’n kursus vir ouderlinge is nie, het ons kandidaat-ouderlinge wel almal daaraan deelgeneem en geweldig daarby gebaat. Daar is tans elf deelnemers by die betrokke kursus: vyf senior broeders uit die gemeente, drie jong broeders uit die gemeente, en drie manne van buite die gemeente. Die dosente by die kursus is br Magagula, br Jerry Mhlanga en myself.

Alhoewel ons die kursus dus nie begin het met die doel om ons kandidaat-ouderlinge op te lei nie, het dit prakties wel so uitgewerk dat ons broeders geweldig daaruit geleer het. Hulle getuig self dat dit eintlik hierdie kursus was wat hulle die insig gegee het wat hulle nodig het om aan die gemeente leiding te kan gee.

Vandag kan ons dus sê dat die broeders ’n deeglike kennis het van die Skrif en die gereformeerde belydenis en kerkorde. Ek sê dit nie net op grond van die feit dat hulle die eksamens geslaag het nie, maar ook op grond van die wyse waarop die broeders reeds aan die gemeente leiding gee. Hulle is in staat om te onderskei, sowel na die kant van die tradisionele Afrikageloof toe, asook na die kant van sektariese bewegings toe.

Die konklusie ten opsigte van die vier genoemde broeders is, dat daar volle vrymoedigheid is om hulle voor te dra vir die ouderlingskap. Hulle integriteit as Christene is bo verdenking, hulle beskik oor die eienskappe wat die Skrif as vereiste stel, en hulle het die kennis en die vaardighede ontwikkel om ouderlinge te kan wees.

DIE GEMEENTE

Aan watter kriteria moet 'n gemeente voldoen voordat die ampte ingestel kan word? Dit is 'n moeilike vraag. Ons beleidsplanne sê eintlik niks daaroor nie. Die belangrikste kriterium is immers dat daar broeders is wat leiding kan gee. Tog moet daar natuurlik 'n gemeente wees wat die broeders kan 'dra'.

Om die gemeente as sodanig te evalueer, het ek saam met die broeders 'n analise gedoen volgens die bekende 'diensgroepe-model' van prof. M te Velde. In hierdie model word die gemeente vanuit ses gesigshoeke bekyk, nl. verkondiging, toewyding, onderrig, opsig, gemeenskapsbeoefening en barmhartigheid.

Wat verkondiging betref, is die broeders oortuig dat die evangelie elke Sondag volgens die Skrifte verkondig word. Die gemeente is ook baie tevrede oor die prediking in die Vrye Gereformeerde Kerk. Die opvallende kenmerk van die prediking in ons gemeente, so word dikwels getuig, is juis dat die predikers die Woord van God verklaar en toepas.

Wat sending en evangelisasie betref, het ons in 'n soort van windstilte beland. Die afgelope jare het evangelisasie eintlik vanself gebeur omdat mense hulle vriende en bure saamgeneem het kerk toe. Dit lyk egter asof die potensiaal in die omgewing van die gemeente nou uitgeput is. Die 'outomatiese' toevloei van nuwe gaste het opgedroog, maar daar het nog nie iets nuuts daarvoor in die plek gekom nie. Daar is egter wel planne om nou 'n doelbewuste evangelisasie-aksie te begin onderneem.

Wat toewyding betref, dink 'n mens aan dinge wat nie so maklik gemeet kan word nie. Is die lidmate toegewy aan die Here? Vertoon hulle die vrug van die Gees? Is die eredienste werklik dienste tot eer van God? Sien 'n mens die liefde vir die Here ook in die finansiële bydraes wat inkom?

Die broeders meen dat daar op hierdie punt nog heel wat swakheid in die gemeente is. Daar is gelukkig 'n deel van die lidmate wat duidelik godsvrug vertoon. Hulle toon 'n duidelike, Christelike lewenstyl en by die huis sal hulle bv. elke dag as gesin uit die Bybel lees en bid. Daar is egter ook lidmate by wie 'n mens die kenmerke van die Christelike lewe mis. En dan is daar 'n groot groep in die middel wat die Here graag wil dien, maar wat nie altyd weet 'hoe' nie. Daar moet nog baie groei plaasvind en die gemeente moet voortdurende onderrig bly ontvang. Die kandidaat-ouderlinge sien die swak punte egter raak en is gemotiveerd om die gemeente verder te lei.

Die finansiële bydraes is 'n punt wat gereeld aangespreek moet word. Gelukkig het die broeders hierdie taak van my oorgeneem. Dit is deesdae hulle wat die gemeente aanspoor om bydraes in te bring, en ek kan sien dat dit 'n goeie effek het. Die gemeente dra reeds die afgelope paar jaar R1 000 per maand by vir die salaris van br Magagula en ek verwag dat dit vir die volgende jaar verhoog gaan word.

Wat onderrig betref, is daar oor die algemeen tevredenheid. Die katkisasie-klasse wat aangebied word deur br. Magagula en deur br. Jerry, is op 'n goeie vlak. Die vrug daarvan word gesien in 'n lewendige en sterk ouer jeuggroep in die gemeente. 'n Deel van die ouer jeug is selfs uitsonderlik gemotiveerd. Hulle vergader drie maal per week: elke Woensdag vir 'n biduur, elke Vrydag vir Bybelstudie, en elke Saterdag vir 'n aanvullende kursus geloofsleer (aangebied deur br. Jerry).

Wat die volwasse lidmate betref, was dit moeilik om 'n vergadervorm te vind wat by die mense pas. Die bekende modelle (mannevereniging, vroue-vereniging, wyksaand) is almal getoets en het nie gewerk nie. Wat op die oomblik wel werk, is dat 'n groep lidmate o.l.v. die broeders op Saterdagmiddae in die gemeente ingaan om iewers 'n Bybelstudie by iemand aan huis te doen.

Wat opsig betref, is dit gelukkig so dat die tug in die gemeente funksioneer. Alhoewel die lidmate hulle persoonlike verantwoordelikheid t.o.v. mekaar nie altyd nakom nie, is die kandidaat-ouderlinge nie bang om die Christelike tug toe te pas nie. Hulle doen dit nie net deur vermanings nie, maar ook deur lidmate van die Nagmaal af te hou. Hulle is ook bly om te sien dat die tugoefening 'werk' in die sin dat sondare hulle soms bekeer.

Wat gemeenskapsbeoefening betref, het die gemeente oor die jare heen ontwikkel tot 'n hegte eenheid. Daar was natuurlik ook struwelinge in onderlinge verhoudings, maar oor die algemeen is daar goeie onderlinge meelewe, sowel in tye van blydskap as in tye van droefheid. Sondae na kerk is daar nog geruime tyd gesprekke op die kerkplein aan die gang. Daar is bekommernis oor sekere vriende-groepe in die gemeente wat mekaar van die regte pad af help, maar dit is gelukkig uitsonderings.

Wat barmhartigheid betref, het diakonale hulp 'n ontwikkeling deurgegaan. Aanvanklik is dit deur myself en br Magagula behartig. Vanaf verlede jaar is die ander kandidaat-ouderlinge ook daarby betrek. Hierdie jaar is daar 'n diakonale komitee gekies, bestaande uit 'n broeder en twee susters, wat onder leiding van br Magagula aan diakonale gevalle aandag gee. Daar is tans drie noodgevalle in die gemeente van mense wat geen inkomste hoegenaamd het nie. Hierdie gevalle word nou deur die diakonale komitee bygestaan. As sake goed ontwikkel, kan die een broeder in die komitee miskien uitgroei tot 'n diaken.

As ons die gemeente van Soshanguve-Noord in oënskou neem, sien ons nog baie swakhede, maar ook baie dinge om dankbaar voor te wees. Veral die feit dat die Here vier bekwame broeders gegee het wat ouderlinge kan wees, is rede tot groot dankbaarheid. Ek glo dat die tyd gekom het dat die gemeente nou, saam met die kandidaat-ouderlinge wat daar is, op eie bene kan staan.

Soli Deo Gloria. ¤